

VERBRUIKERSOPVOEDING AS
KOMPONENT VAN LEWENSOPVOEDING

C J LOMBARD

VERBRUIKERSOPVOEDING AS KOMPONENT VAN LEWENSOPVOEDING

CHRISTOFFEL JACOBUS LOMBARD
B.A., B.Ed., T.H.O.D., V.D.O.(JEUGWEERBAARHEID).

**Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Educationis
in Skoolvoorligting aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

Leier: Prof J L Marais

Potchefstroom 1994

© Kopiereg Voorbehou

VOORWOORD

Aan God alleen die eer.

Ek betuig graag my dank en waardering aan die volgende persone en instansies wat op een of ander wyse by hierdie studie betrokke was.

- * Prof J L Marais wat as studieleier, kundige leiding gegee het en insiggewende aanbevelings tydens die verloop van hierdie studie aan die hand gedoen het.
- * Aan my eggenote Elize, my twee dogters, Jo-Anne en Monique, my twee seuns Christopher-Ray en Wayne; vir hul eindlose geduld, belangstelling en aanmoediging in die navorsing.
- * My dank aan Mnr D Kruger en Mnr L v d Merwe by die Suid-Afrikaanse Koördinerende Verbruikersraad vir hulp met taalversorging en tikwerk.
- * Die Uitvoerende Direkteur mnr Jan Cronje, vir die studiebeurs as bydrae om hierdie studie moontlik te kon maak.
- * Mnr P Engelbrecht van die Statistiese Konsultasiediens by die P.U. vir CHO vir sy hulp met die verwerking van die vraelyste.
- * Die skoolhoofde en departementshoofde van die opvoedkundige leidingsdepartemente by die skole wat deelgeneem het.

SUMMARY

Consumer education as component of the Life Skill education programme in Guidance:

Consumers are often deprived of their consumer rights. As a result of drastic changes in society and the market it has become more important to educate young consumers (at secondary level) regarding important consumer issues which have an effect on their daily lives. It is of great importance that the need for consumer education as part of the secondary school's guidance programme must be identified and recommendations in this regard should be made. In the course of this study several problem areas were identified. The researcher will endeavour to outline certain findings and make relevant recommendations in this regard.

The objectives of this study intend to determine what has actually been done to implement consumer education at secondary level and if there is an existing need for secondary school consumer education. In order to obtain data available on the topic, a questionnaire was used for empirical research. It provided information regarding aspects of consumer knowledge, consumer behaviour and consumer rights. Demographic data for the representation of consumer groups questioned in this research was compiled, and 7 pupils representing the major population groups, Whites, Blacks, Indians and Coloureds, were all included in this survey. Scholars were addressed in Afrikaans and English.

The majority of respondents emphasised the need for consumer education by indicating that consumer education as part of life skills could help all consumers. The majority of pupils indicated that children should have consumer rights and they would

want to learn more about these rights. The majority of respondents were of the opinion that the school's guidance programme should include consumer education to make them more knowledgeable consumers. This study concludes with some recommendations.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

Hoofstuk 1: Inleiding, probleemstelling, metodes van ondersoek en begripsomskrywing.

1.1	Agtergrond en konteks van die probleem	1
1.1.1	Oriëntering	1
1.1.2	Probleemstelling	2
1.2	Doel met die navorsing	4
1.3	Metode van navorsing	5
1.3.1	Empiriese ondersoek	5
1.3.1.1	Meetinstrument: Vraeboog	5
1.3.1.2	Studiepopulasie	5
1.3.1.3	Statistiese metode	5
1.3.1.4	Program van ondersoek	6
1.4	Begripsomskrywings	6
1.4.1	Opvoeding	6

INHOUD (vervolg)

1.4.2	Lewensvaardighede	7
1.4.2.1	Inleiding	7
1.4.2.2	Beskouinge van lewensvaardighede	8
1.4.3	Verbruikersopvoeding	9
1.4.4	Verbruikersgedrag	10
1.4.5	Verbruikersregte	10
1.4.6	Verbruikersraad	11
1.5	Samevatting	12
 Hoofstuk 2: Die basiese behoeftes van die kind en die opvoedkundige implikasies vir verbruikersopvoeding.		
2.1	Inleiding	13
2.2	Die basiese opvoedingsbehoefte van die kind	13
2.2.1	Wat is 'n behoefte?	14
2.2.2	Toepaslike basiese behoeftes	14

INHOUD (vervolg)

2.2.3 Fisiologiese behoeftes	14
2.2.4 Psigologiese behoeftes	15
2.2.4.1 Die behoeftes aan sekuriteit	15
2.2.4.2 Die behoefte aan liefde	16
2.2.4.3 Die behoefte aan erkenning	16
2.2.4.4 Die behoefte aan selfverwesenliking	17
2.2.5 Kognitiewe behoeftes	17
2.2.6 Geestelike behoeftes	18
2.2.7 Samevatting	18

Hoofstuk 3: Aard, wese en doel van verbruikersopvoeding as
komponent van lewensopvoeding.

3.1 Inleiding	19
3.2 Verbruikersopvoeding in oorsese lande en die RSA - 'n oorsig	19

INHOUD (vervolg)

3.2.1 Die ontwikkeling van verbruikersopvoeding in die V.S.A.	20
3.2.2 Die ontwikkeling van verbruikersopvoeding in Nederland en België	21
3.2.3 Die ontwikkeling van verbruikersopvoeding in Australië	21
3.2.4 Verbruikersopvoeding in Mauritius	22
3.2.5 Verbruikersopvoeding in Afrika	23
3.2.6 Verbruikersopvoeding in Suid-Afrika	24
3.2.7 Samevatting	25
3.3 Die wese van verbruikersopvoeding	26
3.4 Standpunte oor verbruikersopvoeding	26
3.5 Die begronding van verbruikersopvoeding	27
3.5.1 Die antropologiese uitgangspunte	28
3.5.2 Opvoedkundige uitgangspunte	28

INHOUD (vervolg)

3.6	Die doel van verbruikersopvoeding	33
3.7	Verbruikersopvoeding as komponent van lewens- opvoeding	35
3.7.1	Oriëntering	35
3.7.2	Wat is lewensopvoeding?	36
3.7.3	Die missie van lewensopvoeding	36
3.7.4	Algemene doel van lewensopvoeding	36
3.7.5	Breë doelstellings wat nagestreef word met ver- bruikersopvoeding as komponent van lewensop- voeding	37
3.7.6	Die plek van verbruikersopvoeding in die lewensopvoedingsprogram	37
3.7.7	Gevolgtrekking	39
3.7.8	Samevatting	39
Hoofstuk 4: Empiriese ondersoek.		
4.1	Inleiding	40

INHOUD (vervolg)

4.2 Die doel van die ondersoek	40
4.3 Die ondersoekmetode en keuse van die ondersoekmiddel	41
4.3.1 Die vraeboog as empiriese navorsingsmetode	41
4.3.1.1 Nadele verbonde aan die vraeboog	42
4.3.1.2 Die voordele van die vraeboog as navorsingsmetode	43
4.3.2 Die ontwerp van die vraeboog as empiriese navorsingsmetode	44
4.3.2.1 Konstruksie van die vraeboog	44
4.3.2.2 Betroubaarheid	45
4.3.2.3 Geldigheid	45
4.3.3 Die konstruksie van die vraeboog vir hierdie navorsing	46
4.3.3.1 Gestruktureerde (geslote) items	48
4.3.3.2 Inhoud van die vraeboog	49

INHOUD (vervolg)

4.3.3.3	Tegniese versorging	50
4.3.3.4	Anonimiteit	50
4.4	Motivering van die items wat in die vraeboog in- gesluit is	51
4.4.1	Ponswerk en verwerking van die verkreë data .	54
4.4.2	Loodsondersoek en die samestelling van die voorlopige vraeboog	51
4.4.3.1	Inhoud	55
4.4.4	Verspreiding	55
4.4.5	Terugontvangste	56
4.5	Die populasie en keuse van respondente	56
4.5.1	Metode van steekproefneming	58
4.5.2	Ewekansige steekproefneming	58
4.5.3	Bepaling van steekproefgrootte	58
4.5.4	Stratifisering ten opsigte van taalmedium ..	59

INHOUD (vervolg)

4.5.5 Omskrywing van die metropolitaanse gebied ..	60
4.5.6 Samevatting	60
Hoofstuk 5: Resultate van die empiriese ondersoek.	
5.1 Inleiding	61
5.2 Statistiese verwerking van die data	61
5.3 Interpretasie van die empiriese gegewens in eenrigting frekwensietabelle	61
5.3.1 Samestelling van die ondersoekgroep volgens ouderdom en geslag	61
5.3.2 Etniese samestelling van respondente	62
5.3.3 Medium van onderrig van die respondente ..	63
5.3.4 Die gemiddelde aantal gesinslede van die respondente	63
5.3.5 Hoeveelheid sakgeld wat leerlinge kry	64
5.3.6 Vertroudheid van leerlinge met sekere basiese verbruikersterme en begrippe	64

INHOUD (vervolg)

5.3.7	Stand van verbruikersopvoeding in die sekondêre skool	67
5.4	Interpretasie van die empiriese gegewens in tweerigting gebeurlikheidstabelle	67
5.4.1	Behoeftes aan meer inligting oor verbruikers- wese en -regte soos weergegee deur deelnemende respondente	67
5.4.2	Ligging van die skool teenoor die behoefte- ervaring van leerlinge ten opsigte van die onderrig in verbruikersopvoeding	68
5.4.3	Mate van besluitneming deur verbruiker self en die mate waarin verbruikersprobleme ervaar word	69
5.4.4	Mate van begrip van verbruikersregte en voor- koms van verbruikersklagtes oor diens	70
5.5	T-toetse	71
5.5.1	Praktiese betekenisvolheid van t-toetse ...	71

INHOUD (vervolg)

5.5.2	Die vergelyking van seuns en meisies aangaande hul ingeligtheid oor die Verbruikersraad se aktiwiteite	72
5.5.3	Die verskil tussen seuns en meisies se begrip van verbruikersregte	72
5.5.4	Die verskil tussen seuns en meisies in die mate van opvoeding wat oor verbruikersbehoefte ontvang is	73
5.6	Samevatting	73
Hoofstuk 6: Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings.		
6.1	Inleiding	74
6.2	Samevatting	74
6.3	Gevolgtrekkings	77
6.3.1	Gevolgtrekkings op grond van die literatuurstudie	77
6.3.2	Gevolgtrekkings op grond van die empiriese ondersoek	78

INHOUD (vervolg)

6.3.2.1	Algemene gevolgtrekkings	78
6.3.2.2	Samestelling, ouderdom en geslag van die ondersoekgroep	78
6.3.2.3	Behoeftte van verbruikers en grootte van die gesinne wat verteenwoordig word	78
6.3.2.4	Behoeftte aan en stand van verbruikers- opvoeding in skole	79
6.3.2.5	Beskikbaarheid van en hoeveelheid sakgeld wat die respondente ontvang het	79
6.3.2.6	Die behoefte aan verbruikersregte en wat dit vir die jong verbruiker inhou	79
6.3.2.7	Mate van selfstandige besluitneming en probleemervaring	80
6.3.2.8	Mate van begrip van verbruikersregte en voor- koms van verbruikersklagtes oor diens ...	80
6.3.2.9	Die verskil tussen seuns en meisies se ingeligtheid oor en begrip van verbruikersregte	81

INHOUD (vervolg)

6.4	Aanbevelings	81
6.5	Slotopmerking	83
6.6	Tekortkominge van hierdie ondersoek	83
6.7	Aanbevelings vir verdere ondersoek	83
6.8	Samevatting	83

LYS VAN TABELLE

Bladsy

Tabel 5.1	Samestelling van die ondersoekgroep ouderdom en geslag	62
Tabel 5.2	Etniese samestelling van die respondente	62
Tabel 5.3	Medium van onderrig van die respondente	63
Tabel 5.4	Die gemiddelde aantal gesinslede van die respondente	63
Tabel 5.5	Hoeveelheid sakgeld wat leerlinge kry ..	64

INHOUD (vervolg)

LYS VAN TABELLE

Bladsy

Tabel 5.6	Vertroudheid van leerlinge met sekere basiese verbruikersterme en -begrippe	65
Tabel 5.7	Stand van verbruikersopvoeding in die sekondêre skool	67
Tabel 5.8	Behoeftes vir meer inligting oor verbruikers- wese en -regte soos weergegee deur deelnemende respondente	67
Tabel 5.9	Ligging van die skool teenoor die behoefte- ervaring van leerlinge tov die onderrig in verbruikersopvoeding	69
Tabel 5.10	Mate van besluitneming deur verbruiker self en mate waarin verbruikersprobleme ervaar word	69
Tabel 5.11	Mate van begrip van verbruikersregte en voor- koms van verbruikersklagtes oor diens ..	70
Tabel 5.12	Vergelyking van seuns en meisies aangaande hul ingeligtheid oor die Verbruikersraad se aktiwiteite	72

INHOUD (vervolg)

LYS VAN TABELLE

Bladsy

Tabel 5.13 Verskil tussen seuns en meisies

se begrip van verbruikersregte 72

Tabel 5.14 Verskil tussen seuns en meisies

en die mate van opvoeding wat ontvang

is oor verbruikersbehoefte 73

Bylae A 84

Bylae B 90

Bibliografie 97

INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, METODES VAN ONDERSOEK EN
BEGRIPSOMSKRYWING

1.1 AGTERGROND EN KONTEKS VAN DIE PROBLEEM

1.1.1 Oriëntering:

Die mens het 'n Godgegewe opdrag om die aarde te bewerk en te beheers. Hierdie opdrag vind neerslag in kultuurskepping, wat 'n universele verskynsel is (Loots, 1983:211). 'n Kernwaarheid is dat kultuur alles is wat die mens doen om sy leefwêreld tot sy behoeftes te omvorm, asook alles wat hy bedink om rigting aan sy toekomsvisie en verwagtinge binne sy leefwêreld te gee.

Die Skrif openbaar aan ons dat die Here gewil het dat die mens betrokke sou raak in handeldryf. Die proses van koop en verkoop van goedere of produkte wat verbruik moes word, word reeds in Genesis 31:15 beskryf in die verhaal toe Jakob moes vlug voor Laban: "Word ons nie deur hom as vreemdelinge beskou nie? Want hy het ons verkoop en die geld wat deur ons verkry is, geheel en al deurgebring."

Hierdie woorde openbaar ook 'n duidelike voorbeeld van verbruikersbesteding en -gedrag deur die mens. In die verhaal van die reiniging van die tempel, lees ons dat Jesus in die tempel ingegaan het en almal wat in die tempel verkoop of gekoop het uitgejaag en die geldwisselaars en duiweverkopers se tafels en stoele omgegooi het (Mattheus 21:12). Uit hierdie voorbeelde is dit duidelik dat die eenvoud van die ekonomiese stelsel, soos ons dit vandag nog vind, berus by die koop en verkoop van goedere of dienste. In die verkoop van goedere en dienste deur eeue heen was die mens nog altyd die verbruiker, en moes sy gedrag aanpas by sy omstandighede. Die stigting van die Hollands-Oos-Indiese verversingspos aan die suidpunt van

Afrika was juis as gevolg van verbruikersbehoefte wat ontstaan het in die handel met verbruikers van die Ooste en Weste. Sedert hierdie stigting het ons land se ekonomiese stelsel ontwikkel tot 'n goed ontwikkelde handels- en nywerheidsnetwerk.

Die kind bevind hom vandag in snel veranderende omstandighede op ekonomiese, kulturele en ander lewensterreine. Dit, asook die samelewing stel besondere eise aan die mens en daarom ook aan die kind. Om 'n selfverantwoordelike verbruiker te kan wees, beteken dit dus dat die leerling reeds op skoolvlak moet kennis maak met verbruikersopvoeding. Hierdie kennismaking het veral in die huidige ekonomiese klimaat baie noodsaaklik geword. In die De Lange-verslag (RGN, 1981:45) word daarop gewys dat die skool as formele instelling die verantwoordelikheid aanvaar om in ooreenstemming met die norm- en waardesisteen van die gemeenskap die kind op te voed en te onderrig om vir hom 'n sinvolle bestaan te verseker.

In die lig van die voorafgaande is dit belangrik om daarop te let dat lewensopvoeding die kind moet voorberei vir sy toekoms en dat verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding sy regmatige plek hierin sal kan vind.

1.1.2 Probleemstelling

Hedendaagse verbruikersbesteding vereis al hoe meer dat verbruikers 'n groter kundigheid aan die dag sal lê. Navorsing oor verbruikersbesteding het aan die lig gebring dat die kundige verbruiker 'n beter kans het om verbruikersprobleme te vermy (Rousseau, 1991:1-17).

Verskillende verbruikersprobleme ontstaan tydens transaksies of keuses wat verbruikers maak sonder die nodige ervaring of kennis hieroor. Voorbeelde sluit in die gebrek aan kennis oor kooptransaksies, kontrakte of pryse van goedere. Gebrekkige kennis oor die verbruiker se regte en verantwoordelikhede asook gebrekkige produkkennis is oorsake van verbruikersprobleme.

In sy alledaagse lewe bevind die jeugdige verbruiker homself in situasies waar hy groot kundigheid aan die dag moet lê om as verbruiker sy probleme te kan oplos. Die kind moet dus toegerus word met lewensvaardighede wat hom in staat sal stel om selfstandig sy alledaagse verbruikersprobleme te kan oplos.

Hopson en Scally (1981:24-25) klassifiseer lewensvaardighede in vier kategorieë nl vaardighede ten opsigte van (i) die ek-jy-verhouding; (ii) ek-andere verhouding; (iii) ek (hoe om te ontwikkel) en (iv) ek en besondere situasies.

Onder laasgenoemde ken die skrywers 'n besondere plek toe aan verbruikersvaardighede. Die media en reklamewese vestig daaglikse verbruikers se aandag op nuwe produkte en dienste in die mark terwyl baie ook verdwyn. Die vraag is hoe al hierdie sake geëvalueer moet word en hoe kundig die jeugdige Suid-Afrikaanse verbruiker is.

Ondersoeke deur die Suid-Afrikaanse Koördinerende Verbruikersraad (SAKV) die afgelope twee dekades toon dat daar 'n toename in verbruikersklagtes is (SAKV, Jaarverslag, 1991-1992: 16-18). Klagtes wissel in moeilikheidsgraad en temas na gelang van verbruikersbehoefte. Van die mees algemene klagtes sluit in die onkunde oor keuses uit goedere of dienste. Kontrakte en die "fynskrif" daarin bring verbruikers ook dikwels voor groot probleme te staan. Oorhaastige en oningeligte besluite veroorsaak dikwels die grootste probleme vir verbruikers.

Veral skoolgaande verbruikers bevind hulle in situasies waar daaglikse aanslae geloods word op hul verbruikersregte. Die vraag is of die jeug toegerus is om hierdie aanslae die hoof te bied. Dit blyk dat net enkele groepe leerlinge op skoolvlak in vakke soos Huishoudkunde en Ekonomie (st 6 en 8) kennis maak met sekere aspekte van verbruikerswese (Van Zyl, A.P.; Groenewald, M.E.; De Bruin, F.M., 1986:1-8).

Die meeste leerlinge word nie as verbruikers opgelei nie en daar kan by hulle 'n behoefte aan verbruikerskundigheid bestaan. Die grootste deel van die ontwikkelende bevolking wat in veral die landelike streke woon, word erg geraak as verbruikers wat weinig of geen verbruikerskennis besit nie.

As in ag geneem word dat verbruikersopvoeding 'n plek en taak in die skoolkurrikulum het (Pickworth, 1990:85-86), moet die volgende probleemvrae onder oë geneem word:

- (a) Wat is die doel, aard en wese van verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding?
- (b) Wat is die behoefte aan verbruikersopvoeding in skole?

1.2 DOEL MET DIE NAVORSING

Die studie het ten doel om te bepaal in watter mate verbruikersopvoeding by leerlinge tuisgebring word en of hulle wel 'n behoefte aan verbruikersopvoeding het. In hierdie navorsing sal dus gepoog word om:

- 1.2.1 Die aard, wese en doel van verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding te bepaal.
- 1.2.2 Te bepaal wat die behoefte aan en stand van verbruikersopvoeding in sekondêre skole in Transvaal is.
- 1.2.3 Indien uit die ondersoek sou blyk dat daar wel 'n behoefte aan verbruikersopvoeding is, riglyne daar te stel vir die implementering van verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding.

1.3 METODE VAN NAVORSING

Die studie val uiteen in 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek. Primêre en sekondêre bronne is gebruik. Beskikbare

gegewens is oorweeg en geëvalueer om tot 'n gevolgtrekking te kon kom. Inligting wat oor 'n termyn van vier jaar (1988-1992) deur die SAKV ingesamel is, sal ook geëvalueer word.

1.3.1 Empiriese ondersoek

1.3.1.1 Meetinstrument: Vraeboog

Op grond van die literatuurstudie sal 'n vraeboog ontwikkel word. Die doel is om te bepaal in watter mate verbruikersopvoeding by die leerlinge tuisgebring word en watter behoefte aan verbruikersopvoeding by leerlinge bestaan.

1.3.1.2 Studiepopulasie

Alle st 6 - 10-leerlinge van sekondêre skole in Pretoria en omgewing is as studiepopulasie oorweeg. 'n Proporsionele steekproef is getrek uit 16 Afrikaans- en Engelsmedium skole.

1.3.1.3 Statistiese metode

Bevindinge ingesamel deur middel van die vraeboog sal in verband gebring word met die teorie wat deur middel van 'n literatuurstudie verkry word. Vraeboogdata sal met behulp van die SAS-Programpakket (SAS Institute 1982) verwerk word om die wese en doel van verbruikersopvoeding in skole te bepaal.

Data sal ook vertolk word om vas te stel wat die werklike behoefte aan verbruikersopvoeding is. Die gegewens uit die literatuurstudie en dit wat met die empiriese ondersoek bepaal is, sal geïntegreer word om riglyne te stel vir die implementering van verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding.

1.3.1.4 Program van ondersoek

As inleiding is in hoofstuk 1 gekyk na die agtergrond en konteks waaruit die probleem ontwikkel. In hoofstuk 2 word gekyk na die basiese behoeftes van die kind en die opvoedkundige implikasies vir verbruikersopvoeding. In hoofstuk 3 word bepaal wat die presiese aard, wese en doel van verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding is. Hoofstuk 4 vorm die metode van ondersoek; dit word gevolg deur hoofstuk 5 waarin die verwerking en interpretasie van data bespreek word. In hoofstuk 6 word die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings bespreek.

1.4 BEGRIPSOMSKRYWING: In die volgende paragrafe word 'n aantal begrippe wat dikwels in hierdie studie figureer, toegelig.

1.4.1 Opvoeding

Volgens Langeveld (1951:12-20) is die mens 'n wese wat opvoed, opgevoed word en op opvoeding aangewese is volgens 'n praktyk van bemoeienis van die volwassene (die opvoeder) met die kind wat op pad na volwassenheid is. Opvoeding is doelgerig en doelbewus waar die volwassene aan die nie-volwassene hulp verleen om na geestelike selfstandigheid te kom (Van Rensburg et al, 1979:112). Opvoeding impliseer kinderbegeleiding na volwassenheid. Volwassenheid word beskou as die eerste en natuurlike bestemming van die kind in sy vordering na 'n menswaardige bestaan.

Dit wil sê: Wanneer opvoedingshandelinge voltrek word, gebeur daar iets deurdat die kind nader aan behoorlike volwassenheid beweeg (Van Zyl, 1975:101 - 102). Hierdie gebeure vind plaas binne 'n bepaalde situasie, nl. die opvoedingsituasie - 'n wyse van belewing en deurlewing van die werklikheid. Hier is dus sprake van intensionele gerigtheid binne die opvoedingsituasie en daarom moet die kind onderrig word in waardes en norme.

Opvoeding is in die enger en meer bepaalde sin toegespits op die ontwikkeling van die totale kind. Dit wil sê opvoeding het te doen nie net met die hoof en die hand nie, maar ook sy totaliteit. As sodanig beoog opvoeding veel meer as net kennis, vaardigheid en selfstandige denke en is dit daarbenewens ook, en veral, toegespits op die positiewe vorming van die sedelike karakter en die ontwikkeling van die hele persoonlikheid van die volwasse-wordende (Fazal en Singh, 1991:vii). Die kind is hulp- en steunsoekend of hulp- en steunbehoewend. Hierdie hulp- en steunbehoewendheid van die kind spreek die volwassene aan. Die volwassene voel homself verplig om aan die kind hulp en steun te gee (Baecher et al., 1973:2). Die kind is nie passief betrokke nie. Hy is aktief betrokke by die internasionaliteite soos innerlike kragte en potensialiteite terwyl die volwassene hom andersyds koers en rigting met simpatieke gesagsleiding moet gee in hierdie internasionaliteite en die kind andersyds hierdie gesag van die volwassene moet aanvaar. Dit kan net geskied in 'n persoonlike simpatieke gesagsverhouding tussen volwassene en kind (Fazal en Singh, 1991:vii).

Opvoeding is 'n gebeure, belewing, ervaring, ontmoeting en 'n getuienis van die verhouding tussen generasies waartydens die ouer geslag arbeid aan die jonger geslag aan die hand waarvan die lewensinhoud wat deur die ouers as waardevol, geldig, vormend, ensovoorts, beskou word (Van der Stoep en Louw, 1982:12).

1.4.2 Lewensvaardighede:

1.4.2.1 Inleiding:

Veral oor die afgelope paar jaar word die oproep om meer aandag aan die deeglike onderrig van veral die drie basiese skoolastiese vaardighede – lees, spelling en rekene – dikwels gehoor. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die kind beter in die skool en in sy toekomstige werk sal aanpas indien hy beter kan lees, spel en reken. Vandag hoef 'n mens maar net die hoofopskrifte in 'n koerant te bestudeer om te beseft dat die kind op

skool meer as net die basiese skolastiese vaardighede moet baasraak om in 'n veeleisende en ingewikkelde samelewing die mas op te kom. Die monsteragtige byprodukte van 'n onpersoonlike tegnologiese samelewing soos die onnatuurlike klem op materiële welvaart, onverskillige miskenning van menslike behoeftes, ongekennde emosionele en finansiële druk op gesinne en hul onvermoë om veranderinge te verwerk, maak dit vir die individu moeilik om te bepaal waar hy inpas, waarheen hy op pad is en of daar hoop vir die toekoms is.

Die skool se taak behoort daarom nie net te wees om die basiese skolastiese vaardighede te onderrig nie maar ook om die leerling te skool in vaardighede om alle fasette van die hedendaagse bestaan te begryp en te hanteer. Om dié rede het die skool ook die opdrag om die kind te onderrig om die basiese lewensvaardighede te bemeester (Joubert, 1982:10-11).

1.4.2.2 Beskouinge van lewensvaardighede:

Daar is 'n groot verskeidenheid interpretasies en definisies van lewensvaardighede in die literatuur. Dit is duidelik dat lewensvaardighede vir verskillende mense verskillende betekenis inhou. Vir die arm plakkerbewoner sal die kuns om nog 'n sinkplaat vir sy eenkamerhuisie te bekom voorwaar as 'n lewensvaardigheid beskou word. Vir die blinde kan die vaardighede om 'n straat veilig oor te steek en vir die parapleeg kan die vaardigheid om 'n motor te bestuur ook as lewensvaardighede beskou word. Die persone wat in bogenoemde probleemstellings beskryf is, moet spesifieke vaardighede aanleer om elke dag te oorleef en om 'n bestaan te maak. Skrywers soos Landman (1980:95), Schmidt et al. (1988:114) en Molloff (1984:42) verwys dan ook na lewensvaardighede as vaardighede wat die individu in staat stel om opgewasse te wees teen die daaglikse aanslae van die lewe, hulle noem dit baasraakvaardighede - "coping skills". Bredenkamp (1990:17) meld dat die uitdaging van die negentigerjare sal vereis dat die onderwys sodanig moet wees dat dit die

kind werklik moet kan toerus vir sy lewe as volwassene.

Schmidt et al. (1988:114) se omskrywing van lewensvaardighede sluit by hierdie uiteensetting aan; hulle bevestig ook dat lewensvaardighede die vaardighede is waaroor 'n persoon moet beskik om die eise en situasies van elke dag sinvol te hanteer. Molloff (1984:42) wys daarop dat die vaardighede wat die adolessent moet aanleer om daaglikse probleemsituasies te hanteer nie deur die gewone skoolkurrikulum gedek word nie. Die ontwerp van 'n program waarin lewensvaardighede figureer, is noodsaaklik omdat dit die wording van die hoërskoolleerling positief kan beïnvloed en omdat dit die baasraak van ontwikkelingstake kan vergemaklik. Die doel van lewensvaardighede is volgens Schubert (1983:35) en Hofman en Cole (1983:22) om die individu daarop in te stel om elke dag sinvol en voluit te leef. Elke mens het dus 'n verantwoordelikheid teenoor homself. Schubert (1983:35) verduidelik dat die leerling reeds vroeg op skool die geleentheid gegun moet word om vas te stel presies watter vaardighede hy met vrug kan aanwend, nie net om sy lewe sinvol te maak nie maar wat hom ook in staat sal stel om sy lewe te verryk. Schmidt et al. (1988:114) se omskrywing lui: "Lewensvaardighede is daardie bekwaamhede wat baasgeraak moet word om 'n mens se lewe te verryk."

Ter samevatting kan gesê word dat lewensvaardighede dui op daardie spesifieke vaardighede wat suksesvol bemeester en aangewend behoort te word om die individu in staat te stel om alledaagse en meer ingewikkelde probleemsituasies die hoof te kan bied en om korrekte en sinvolle besluite te kan neem.

1.4.3 Verbruikersopvoeding

Verbruikersopvoeding behels die doelgerigte vormingsproses van enige verbruiker wat aktief deelneem aan die daaglikse verbruikerswese om die nodige kennis en vaardighede te bekom, sodat ingeligte keuses uit goedere en dienste met vertroue gedoen kan word. Waar verbruikersopvoeding ophou, is nie maklik te bepaal

nie omdat dit 'n deurlopende proses vanaf die mens se wieg tot by sy graf behels. Benewens die ander aksente van verbruikers-opvoeding is die omhoogleiding van die verbruiker tot volle verantwoordelikheid en volwassenheid in verbruikersbesteding van die grootste belang (Baecher et al., 1973:2).

1.4.4 Verbruikersgedrag

Verbruikersgedrag is volgens Fazal en Singh (1991:vii) die gedrag wat verbruikers openbaar tydens hul soeke na en gebruik en evaluering van produkte en dienste wat, na hul verwagting, behoort te voldoen aan hul behoeftes. Verbruikersgedrag manifesteer verder in die proses van verbruikersbesluitneming oor geld en tyd wat aangewend word vir die daaglikse gebruik van goedere en dienste (Schiffman en Kanuk, 1978:15-20).

1.4.5 Verbruikersregte

Kragtens die vryheid van die mens het hy die reg om self keuses te maak waar daar meer as een moontlikheid is om uit te kies. Die mens se basiese behoeftes stel eise aan hom ter wille van oorlewing. Die mate waarin en die wyse waarop aan die basiese behoeftes voldoen word, raak die verbruiker se totale lewe.

Vanweë hierdie behoeftes is daar reeds in 1962 'n Amerikaanse resoluëie aanvaar wat duidelike riglyne van verbruikersregte en -beskerming omskryf het. Hier is aanvanklik vier regte geproklameer; dis later tot agt uitgebrei (Fazal en Singh, 1991:x).

- * Die reg op veiligheid, wat die verbruiker beskerm teen enige produk of diens wat gevaarlik sou wees vir die mens se lewe of gesondheid.
- * Die reg om ingelig te word, sodat die verbruiker in staat sal wees om ingeligte keuses te kan maak en beskerm te kan word

teen oneerlike en misleidende advertensies en etikettering van produkte en dienste.

- * Die reg om te kan kies, sluit in die keuses ten opsigte van 'n verskeidenheid goedere en dienste met mededingende pryse en versekering van bevredigende kwaliteit wat vir die verbruiker aangebied word.
- * Die reg om aangehoor te kan word, wat betref die verteenwoordiging van verbruikersbelange by die bepaling en uitvoering van regeringsbeleid en in die ontwikkeling van produkte en dienste.
- * Die reg tot bevrediging van basiese behoeftes beteken om toegang te hê tot basiese, noodsaaklike goedere en dienste; voldoende voedsel, kleding, skuiling, gesondheidsorg, opvoeding en sanitasie.
- * Die reg tot verbruikersopvoeding behels die verkryging van die nodige vaardighede en kennis om met vertroue ingeligte keuses van goedere en dienste te kan maak.
- * Die reg tot verhaal: om 'n billike skikking van regmatige eise te ontvang, onder meer vergoeding vir wanvoorstelling, knoeiwerk of onbevredigende dienste.
- * Die reg tot 'n gesonde omgewing behels dus om te kan lewe en te werk in 'n omgewing wat nie die welsyn van die huidige of toekomstige geslagte bedreig nie.

1.4.6 Verbruikersraad is die Suid-Afrikaanse Koördinerende Verbruikersraad wat op 17 September 1970 ingestel is en ingevolge sy Grondwet ten doel het om die belange van die verbruikers van Suid-Afrika te behartig, te bevorder en te beskerm.

1.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is stilgestaan by die probleemstelling, die doel en metode van die ondersoek. Enkele begrippe is omskryf en bespreek. Die basiese behoeftes van die kind en die opvoedkundige implikasies vir verbruikersopvoeding word in hoofstuk 2 bespreek.

HOOFSTUK 2

DIE BASIESE BEHOEFTE VAN DIE KIND EN DIE OPVOEDKUNDIGE
IMPLIKASIES VIR VERBRUIKERSOPVOEDING2.1 Inleiding

Voordat in meer besonderhede ingegaan word op verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding, is dit nodig om eers die kind in die opvoedingsituasie van nader te beskou en in die besonder sy opvoedingsbehoeftes.

Verbruikersopvoeding wil juis hê dat die kind ter wille van sy "kennis as verbruiker", opgevoed en ingelig moet word oor sy rol en verantwoordelikhede as verbruiker te midde van die verbruikersbehoeftes wat hy daaglik ervaar. By besinning oor die opvoedingsbehoeftes van die kind val die klem vanselfsprekend onmiddellik op die opvoedingsterrein, en word daarmee die kardinale rol van opvoedingsinstansies beklemtoon.

Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 39 van 1967, soos gewysig deur Wet 73 van 1969, bepaal dat leerlinge op grond van hul vermoëns, belangstellings en aanlegte lewensopvoeding moet ontvang. Om hierdie doelstelling te verwesenlik, is dit noodsaaklik dat die opvoeder oor 'n deeglike kennis moet beskik van die kind se basiese opvoedingsbehoeftes en hoe sy liggaamlike, kognitiewe, emosionele, sosiale en persoonlikheidsontwikkeling verloop. Die opvoeder moet besef dat die leerling nie 'n blote samevoeging van eienskappe en vermoëns is nie.

2.2 Die basiese opvoedingsbehoeftes van die kind:

Dit is baie belangrik om te verstaan dat die kind as 'n gebalanseerde mens opgevoed moet word vanweë die besondere behoeftes wat hy ervaar.

As verbruiker is die bevrediging van basiese behoeftes die belangrikste wyse om te voorsien vir die menselewe. As gevolg van die verbruiker se reg tot bevrediging van basiese behoeftes, moet hy hierin opgevoed word sodat hy toegang daartoe kan hê (Fazal en Singh, 1991:xi).

2.2.1 Wat is 'n behoefte?

Volgens Maslow (1987:85) is 'n behoefte instinktief. 'n Behoeftes kan beskou word as 'n breëmotief wat besondere soorte doelstellinge aantreklik en belangrik maak vir die persoon. Behoeftes speel 'n belangrike rol in die bepaling van gedrag. Wanneer 'n persoon handel is hy waarskynlik besig om 'n besondere doel na te streef. Die feit dat mense voedsel verbruik, hou verband met die basiese behoefte aan voedsel. 'n Aktiwiteit byvoorbeeld "eet", is gerig op 'n bepaalde doel, naamlik die bevrediging van honger. Wanneer die doel bereik word, tree bevrediging van die behoefte in wat vermindering daarvan tot gevolg het. (Maslow, 1987:382; Behr, 1980:5-11).

2.2.2 Toepaslike basiese behoeftes:

In die mens se ontwikkeling ontstaan sekere basiese behoeftes wat bevredig moet word. Fisiologiese behoeftes van verbruikers soos die bevrediging van 'n behoefte aan voedsel, behuising, kleding en vervoer is baie belangrik vir selfbehoud. Die mate waarin en die wyse waarop aan die basiese behoeftes voldoen word, het 'n belangrike uitwerking op die algemene vorming van die kind. (Maslow, 1987:382-388).

2.2.3 Fisiologiese behoeftes:

Die fisiologiese behoeftes van die mens is die mees basiese. 'n Onbevredigde fisiologiese behoefte oorheers en verdring alle ander behoeftes. So is die verbruiker se behoeftes aan voedsel en drank absoluut noodsaaklik vir sy voortbestaan. Vanweë die noodsaaklikheid daarvan is dit duidelik dat hierdie

behoefte deur die lewe van die jong verbruiker immer daar sal wees. Namate hy ouer word, sal sy smaak in dieselfde behoefte verander. Die wyse waarop hy optree as verbruiker om hierdie behoeftes te bevredig sal duidelik manifesteer in sy gedrag. In hierdie verband is dit nodig dat verbruikers oor hul regte en verantwoordelikhede ingelig en opgevoed moet word (Schiffman en Kanuk, 1978:25). Onverantwoordelike optrede in die bevrediging van hierdie basiese behoeftes kan die jong verbruiker baie nadelig beïnvloed vir die res van sy lewe. Swak verbruikersgewoontes en onkunde oor verbruikersake is dus belangrike temas in verbruikersopvoeding wanneer fisiologiese behoeftes onder die loep geneem word.

2.2.4 Psigologiese behoeftes:

Daar kan wel onderskei word tussen behoeftes aan liefde, sekuriteit, erkenning en selfverwesenliking maar dit behoort nie geskei te word nie. Dit is nodig om kennis te neem hoe ook hierdie behoeftes die verbruiker se lewe raak (Schiffman en Kanuk, 1978:28).

2.2.4.1 Die behoefte aan sekuriteit:

Die gesinsituasie is van besondere betekenis in die sekuriteitsbeleving van die kind. As jong verbruiker leer hy juis sekuriteit aan deur middel van roetine en ritme. Die jong verbruiker het 'n behoefte aan 'n georganiseerde wêreld. Dit is juis hier waar toepaslike verbruikersregte en verantwoordelikhede deur die sosialiseringmetode deel word van 'n gesin en die lede van die gesin.

Omdat die kind nie volwasse is nie het hy 'n behoefte aan volwasse steungewig. Die jong verbruiker behoort dus sterk te steun op ouers wat, as ingeligte verbruikers, hul verbruikersregte en verantwoordelikhede ken. Sulke ouers sal 'n positiewe, vormende bydrae lewer om 'n groter mate van sekuriteit hieroor by die

kind te verseker. Ouerlike gedrag het groot vormende waarde op die kind wat na sy ouers opsien vir sekuriteit. Verbruikersgedrag en verbruikersbesteding is juis twee elemente wat die hele balans van sekuriteit in die gesin kan versteur as foute begaan word. Daarom is dissipline in verbruikersgedrag en -optrede baie belangrik vir die kind se sekuriteitsbeleding. Namate die kind ouer word, word hierdie aspekte ook vir hom belangriker en raak die elemente van verbruikersbesteding en verbruikersregte sò deel van sy alledaagse besluitnemings dat hy nie sonder genoegsame kennis hieroor maksimum sekuriteit kan ervaar nie.

2.2.4.2 Die behoefte aan liefde:

Bevrediging van die fisiologiese en sekuriteitsbehoefte lei tot die behoefte aan liefde. Omdat die kind aanvaar wil word deur andere soos sy groep sal hy moeite doen om 'n plek in die samelewing te verower. Ouers wat hul kinders liefhet, sal toesien dat belangrike besluite wat hul lewens as verbruikers beïnvloed, goed oorweeg word. Dikwels veroorsaak verkeerde besluite dat verbruikersprobleme ontstaan wat die gesin se geluk aan skerwe laat spat. Verbruikersopvoeding het noodsaaklik geword om ook hier 'n vormende rol te vervul. (Schiffman en Kanuk, 1978:40).

2.2.4.3 Die behoefte aan erkenning:

Hierdie behoefte het twee komponente: selferkenning en erkenning deur andere. Die jong verbruiker wil dikwels presteer en bekwaam voel (Schiffman en Kanuk, 1991:38).

Verder verlang hy ook erkenning en goedkeuring. As kind wat nog nie volledig toegerus is met die nodige verbruikerskennis of ervaring van verbruikerswese nie, is dit belangrik om te verstaan hoe hierdie aspekte sy jong lewe raak. Die kind is dikwels in 'n situasie waar hy gemeet word as 'n verbruiker en sy optrede en kennis hiervan kom dan in gedrang. Sò ontstaan misverstande en kommunikasieprobleme tussen ouer en kind omdat die kind nog nie

hierin opgevoed is nie. Die teenoorgestelde kan waar wees: indien 'n jong verbruiker oor genoegsame verbruikerskennis en vaardighede beskik, sal hy wel bevrediging kry in sy behoefte aan erkenning omdat dit raakgesien word.

Aanprysing en hulpverlening deur middel van verbruikersopvoeding kan 'n belangrike rol speel om in hierdie behoefte aan erkenning gestalte te gee. Die kind sal dit ook graag met sy maats wil deel.

2.2.4.4 Die behoefte aan selfverwesenliking:

Omdat hy 'n behoefte aan selfverwesenliking het, voel die kind steeds onvergenoegd en rusteloos. Die mens wil word wat hy veronderstel is om te wees. Om as verbruiker te presteer deur die regte besluite en keuses moet die jong verbruiker eerstens hiertoe gelei word deur middel van verbruikersopvoeding. Eers dan kan gepraat word van volwaardige selfverwesenliking. Deur die proses van verbruikersopvoeding kan die kind moontlik sy eie talente ontdek en dit sò aanwend dat hy die maksimum potensiaal hierin bereik (Schiffman en Kanuk, 1991:41).

2.2.5 Kognitiewe behoeftes:

Volgens Behr (1980:7) en Brown (1976:62-63) is kognitiewe behoeftes die belangrikste behoeftes van die mens.

Kognitiewe eienskappe dui op prosesse wat voltrek word wanneer die mens van sy omgewing kennis neem want dit het met dit wat die mens sien, hoor en voel te doen. Die kognitiewe lewe sluit alles in wat die mens in staat stel om te dink en te redeneer. Vir die jong verbruiker is dit juis nodig om deur middel van verbruikersopvoeding in staat gestel te word om oor verbruikersaangeleenthede te kan dink en redeneer (Van Hooft, 1974:1).

Van jongs af moet die verbruiker keuses maak uit goedere en dienste. Die regte of verkeerde keuse vanweë 'n gebrek aan

kennis hieroor kan baie nadelig wees of andersom. As die jong verbruiker vooraf hierin opgevoed is, sal hy beslis aan aktuele verbruikersaangeleenthede kan dink en daaroor kan redeneer. Die opvoeder moet juis begrip hê vir die kognitiewe behoeftes van die kind omdat die jong verbruiker opgelei moet word om 'n volwaardige bydrae te kan lewer aan sy gemeenskap (Van Hooft, 1974:1).

2.2.6 Geestelike behoeftes:

Volgens Du Preez (1971:18) is daar by die kind 'n drang, "'n hunkering en 'n soeke na wat die aanbidswaardige is". Die hunkering is die diepste drang in sy gemoed. Vir 'n verbruiker om as mens gebalanseerd te wees, is hierdie behoeftes en die vervulling daarvan baie nodig. Die verbruiker moet gedurig besluite neem en keuses maak as gevolg van druk uit ander sektore. Juis dan moet hy opgewasse en geestelik ryp wees om logiese besluite te kan neem.

2.2.7 Samevatting:

Omdat die mens 'n totaliteitswese is, is dit nodig dat hy ook as verbruiker so gesien moet word. Sy basiese behoeftes moet bevredig word om sy voortbestaan te verseker. Meer as ooit moet die jong verbruiker meer opgewasse wees in sy daaglikse besluite wat hy moet neem ter bevrediging van sy behoeftes, soos hier bespreek is. Die aanslag op die jong verbruiker beklemtoon weer die behoefte en noodsaaklikheid van verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding (Fazal en Singh, 1991:vii).

Deur die implementering van so 'n program kan die skool 'n besliste rol vervul in die totale vorming van die kind as verbruiker van nou en môre.

In hoofstuk drie sal daar verder gekonsentreer word op die aard, wese en doel van verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding.

HOOFSTUK 3

AARD, WESE EN DOEL VAN VERBRUIKERSOPVOEDING AS KOMPONENT VAN LEWENSOPVOEDING3.1 INLEIDING:

In hoofstuk 2 is daar gekyk na die kind se basiese behoeftes en die opvoedkundige implikasies vir verbruikersopvoeding. In hierdie hoofstuk word die aard, wese en doel van verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding bepaal. Teen die agtergrond van verbruikersopvoeding in enkele oorsese lande word op die situasie in Suid-Afrika gefokus.

3.2 VERBRUIKERSOPVOEDING IN OORSESE LANDE EN DIE RSA - 'N OORSIG

Dit is nie die doel om die oorsese met die plaaslike situasie te vergelyk nie, maar moontlike raakvlakke met betrekking tot die implementering van verbruikersopvoeding in die skoolkurrikulum sal bekyk word. Dit is dus nie 'n intensiewe studie nie, maar bloot 'n oorsigtelike verkenning ter kontekssketsing en kennisname.

In 1960 is 'n Internasionale Organisasie van Verbruikersunies in die VSA gestig. Dit staan bekend as The International Organization of Consumers Unions (IOCU). Die stigterslede was vyf verbruikersorganisasies, een elk in België, Nederland, Australië, Brittanje en die VSA (Sim, 1991:1-4).

IOCU streef daarna om verbruikerswese wêreldwyd verteenwoordigend te maak. Dit is tans 'n federasie van verbruikersorganisasies en verteenwoordig verbruikersbelange van meer as 170 organisasies in 60 lande oor die wêreld. Die organisasie streef daarna om sterk verbruikersbewegings te stig en te beskerm sodat hulle waar moontlik kan help met die bevordering van verbrui-

kersopvoeding (Department of International Economical and Social Affairs, 1986:1).

3.2.1 Die ontwikkeling van verbruikersopvoeding in die VSA

IOCU dra grootliks daartoe by dat verbruikersregte deur middel van opvoedingsprogramme tuisgebring word aan organisasies wat daarmee gemoeid behoort te wees, onder meer skole. 'n Baie belangrike verbruikersreg is die reg tot verbruikersopvoeding – wat deur die Amerikaanse regering as 'n resoluëie aanvaar is op voorstel van president John F Kennedy. Weens hierdie erkenning van verbruikersregte, word daar in samewerking met IOCU gereelde werkswinkels en opleidingsprogramme geloods waar opvoeders ingelig word om verbruikersopvoeding in skoolverband te kan toepas (IOCU, 1992:i-iv). Projekte oor verbruikersopvoeding sluit in die praktiese meelewing van die koop- en verkoopsituasie in vakke soos Ekonomie. Verbruikersopvoedingsprogramme is baie tematies gerig en bedoel om die verbruiker vaardig te maak (Baecher et al., 1973:12-25).

Temas vir debattering en dramatisering in projekte oor verbruikersopvoeding, sluit in:

- Begroting
- Ken jou verbruikersregte
- Hoe om te bespaar
- Jou regte en verantwoordelikhede as verbruiker.

Hierdie temas word aangebied as komponente van vakke en word nie geëksamineer nie. Die Amerikaanse skolier word reeds baie vroeg bewus gemaak van sy verbruikersregte omdat die Amerikaanse volk sterk morele waarde heg aan menseregte. (Van Hooft, 1974:1-207). Om verbruikersopvoeding meer te beklemtoon, is in 1987 amptelik aangekondig dat 'n nasionale verbruikersweek jaarliks gehou sal word. "On 19th February 1987, in an Oval Office ceremony, president Reagan signed the 1987 National Consumers Week (NCW) Proclamation" (The OECD Committee on Consumer Policy, 1985:184).

Sake van belang op nasionale grondslag word ook tematies opgeneem en ondersoek, dan word toepaslike inligting deurgegee aan skole vir die aanbieding en implementering in die daaglikse skoolprogram. Temas soos voedselveiligheid, voedselvergiftiging, speelgoed en swembaddens word ook voorgehou aan leerlinge in verskillende streke. Temas pas veral aan by die behoeftes en standaarde van die verbruikers waar hulle hul in besondere streke bevind. Dit is veral belangrik dat leerlinge kennis sal maak met temas wat van belang is by hul eie lewensstandaarde en sosio-ekonomiese behoeftes (The OECD Committee on Consumer Policy, 1985:193).

3.2.2 Die ontwikkeling van verbruikersopvoeding in Nederland en België

IOCU se hoofkantoor was tot 1993 in Nederland gesetel. As gevolg hiervan is daar op baie hoë vlak met die departement van onderwys konsensus oor die belangrikheid van verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding bereik (The OECD Committee on Consumer Policy, 1985:133).

Verbruikersopvoeding wissel van 'n informele tot meer formele program wat hoofsaaklik ten doel het om die jong verbruiker op te voed in die manier van hantering van verbruikersake. Verbruikersregte vorm 'n belangrike basis vir die temas wat geïntegreerd in verskillende vakke aangebied word (Thorelli en Thorelli, 1974:300-332). Daar bestaan nog nie 'n volwaardige ontwikkelde leerplan vir verbruikersopvoeding nie. Die opvoedingsprogramme sluit dus hoofsaaklik aan by debatvoering oor onderwerpe, bespreking van temas en praktiese besoeke aan instansies gemoeid met handel en nywerheid.

3.2.3 Die ontwikkeling van verbruikersopvoeding in Australië

In 1986 is begin met die samestelling van 'n opvoedingsprogram vir verbruikers in die senior sekondêre skoolfase. Dié program bestaan uit gevallestudies wat deur middel van transparante

voorgestel word aan leerlinge om die praktiese situasie sò te kan waarneem. Gevallestudies sluit temas in soos misleidende advertensies, impulsiewe aankope en verbruikersregte en -verantwoordelikhede. Die hoofdoel van hierdie projek is bewusmaking van die verbruiker. "The youth consumer education programme of the Office of Consumer Affairs represents a concerted effort to overcome a low level of consumer awareness that has been found in this section of the community" (The OECD Committee on Consumer Policy, 1985:27).

Die verbruikersopvoedingsprogramme op sekondêre skoolvlak word aangebied vir die leerlinge van 15 tot 20 jaar. Temas vir verskillende ouderdomsgroepe word in boekvorm gedruk en aan leerlinge in dié groepe aangebied. Sò maak die 17-jarige verbruiker byvoorbeeld kennis met "contact with debt" om hom oor krediet in te lig en op te voed. Plakkate om sekere temas toe te lig is 'n populêre hulpmiddel in die skole se verbruikersopvoedingsprogramme. Die verbruikersorganisasie in Australië lig ook die junior verbruiker in deur middel van korrespondensie en nuusbriewe in al die skole waar hulle kan (The OECD Committee on Consumer Policy, 1985:27).

3.2.4 Verbruikersopvoeding in Mauritius

Mauritius is 'n baie klein land met 'n bevolking van net meer as 1,2 miljoen mense. Dis wetenswaardig dat die regering van hierdie landjie verbruikersopvoeding as baie belangrik ag. Die verbruikersorganisasie van Mauritius, Mapbin Chan, het 'n volledige kurrikulum ontwerp vir die implementering van opvoeding in sekondêre skole. Hierdie kurrikulum word in staats- sowel as privaatskole gevolg (Jhugroo, 1993:1-4).

Klem word veral gelê op die vaardighede wat 'n verbruiker moet bekom sodat hy ingeligte en doeltreffende besluite kan neem (Van Ommeren, 1993:11-12). Die behoefte aan verbruikersopvoeding is goed aangehoor deur die opvoedkundige instellings en kursusse vir opvoeders is ingestel sodat gekwalifiseerde opvoeders in

diens opgelei kan word. Verbruikersopvoedingsprogramme word ook tematies aangebied en 'n goeie afwisseling deur middel van drama en debat vorm deel van die opvoedingsprogramme (Jhugroo, 1993:1-4).

3.2.5 Verbruikersopvoeding in Afrika

Afrika se enorme kultuurverskeidenheid beïnvloed die medium van taal. IOCU is veral betrokke by die Engels- en Franssprekende state in Afrika. Dit is belangrik om te verstaan dat lande se politieke en ekonomiese klimaat groot faktore is in die bepaling van hoe suksesvol verbruikersopvoeding in hierdie state is. (Van Ommeren, 1993:1-8).

Die knellende droogte en armoede in die meeste Afrikastate het grootliks daartoe bygedra dat geen geld beskikbaar is vir onderwys en opvoeding nie. Verbruikersopvoeding word dus, waar moontlik, deur middel van die meer informele onderrigmetode aan die verbruikers oorgedra (Van Ommeren, 1993:1-18).

In Kenia word veral deur middel van dramatisering, aandag gegee om bepaalde temas van belang te beklemtoon. Dans en koorsang oor temas is ook 'n belangrike metode om verbruikersinligting en kommunikasie te bevorder. Besoeke aan skole word gehanteer deur die verbruikersorganisasie wat deur die regering gemagtig is, om dit te doen. Om hierdie rede is daar dus nie 'n formele opvoedingsprogram in die skole van Kenia en Zimbabwe nie. (Van Ommeren, 1993:9).

Die patroon van verbruikersopvoeding is meer dié van 'n informele program weens dié lande se ekonomiese situasie. Die grootste deel van die bevolking is op voetsoolvlak en is wyd versprei oor die land. Hier het die verbruikers die minimumtoegang tot verbruikerskommoditeite soos behuising, voedsel en vervoer. Deur middel van 'n verbruikersbewustheidsprogram word gepoog om hierdie verbruikers in te lig (Mukwena, 1993:6-10).

'n Ander rede waarom verbruikersopvoeding nie in skole op dreef is nie is die koste aspek van onderwys en die opleiding van onderwysers in dié verband. Steun en motivering vir die implementering van verbruikersopvoeding in skole word wel deur die verbruikersorganisasies van die lande aangemoedig maar hulle gaan self gebuk onder faktore wat negatief inwerk soos min ervaring as organisasie, geen of té klein begroting om 'n verbruikersopvoedingsprogram te loods en geen of min mannekrag met opleiding om die projek van stapel te stuur. Nieteenstaande hierdie omstandighede is tog onderlinge bande gesmee en word hulp verleen deur veral die Suid-Afrikaanse Koördinerende Verbruikersraad en IOCU.

Zimbabwe en Kenia se verbruikersorganisasies bied programme aan vir formele skoolgroepe. Daar word ook klem gelê op die informele opvoedingsprogramme vanweë die koste om skole te administreer (Nyambuya, 1993:13).

3.2.6 Verbruikersopvoeding in Suid-Afrika

Die proses van verbruikersopvoeding en verbruikersbewustheid het saam begin met die stigting van die eerste verbruikersbeweging in Suid-Afrika, die SA Nasionale Verbruikersunie, in 1961. Tien jaar later, in September 1971, is die Suid-Afrikaanse Koördinerende Verbruikersraad in die lewe geroep. Hierdie organisasie sou ten doel hê om geïdentifiseerde funksies soos in sy grondwet vervat, te verrig: Die opvoedings-, inligtings- en leidings-funksie op die terrein van verbruikersake. (Hansard, 1970, kol.4489).

Volgens die SAKV (Jaarverslag 1993/94:2-30) is daar sedert die ontstaan van die Suid-Afrikaanse Koördinerende Verbruikersraad, baie gedoen om die verbruiker op te voed en in te lig. Hierdie proses van opvoeding was grootliks gerig op informele opvoeding vir gemeenskappe en verbruikers oor die hele Suid-Afrika.

Weens 'n tekort aan befondsing deur die Staat is die Verbruikersraad ook beperk tot die beskikbaarheid van geld en mannekrag om die opvoedingsprogram uit te brei. Daar was egter altyd noue kontak met die Departement van Onderwys en Opleiding asook die onderwysdepartemente soos hulle bestaan het in die verskillende provinsies en ander verskillende gesagsliggame.

Slegs sekere aspekte van verbruikerswese is in enkele vakke aangeraak. 'n Volledige verbruikersopvoedingsprogram bestaan nie. Sedert 1985 is die Verbruikersraad besig met 'n program om skole in verskillende streke te besoek met die doel om verbruikersbewustheid te bevorder. As deel van hierdie projek is veral kontak gemaak met die departemente betrokke by Huishoudkunde en Ekonomie. Volgens die SA Koördinerende Verbruikersraad (Jaarverslag 1992/93:13) is daar in 1992-93 nie minder nie as 128 skole oor die land besoek.

Die Verbruikersraad is tans besig met die samestelling van inligting en hulpmiddels wat volgens temas in 'n kurrikulum gebind kan word om sodoende verbruikersopvoeding verder te kan bevorder. Hierdie materiaal sal in pakketvorm gedruk en versprei word voor die einde van 1994. Verbruikersopvoeding geskied ook deur middel van radioprogramme en verbruikersklinieke, om meer verbruikers oor die hele land te bereik (Die SAKV Beleidstuk, 1989:7-9).

3.2.7 Samevatting

In al die bogemelde lande bestaan baie aktiewe verbruikersorganisasies wat hulself beywer vir verbruikersopvoeding, daarom werk hulle baie nou saam met die opvoedkundige instellings, hetsy regerings- of privaatskole. Die leemte vir formele onderwysprogramme vir verbruikersopvoeding is groot.

Die Verbruikersraad doen veral moeite om besoekers uit Afrika-lande by te staan met inligting en programme rakende verbruikersopvoeding in Suid-Afrika.

Hierin neem die Verbruikersraad die leiding in Afrika en doen hy tans baie navorsing daaroor.

3.3 DIE WESE VAN VERBRUIKERSOPVOEDING

Om die vraag na wat die wese van verbruikersopvoeding is, te beantwoord, moet eerstens gelet word op hoekom dit so 'n noodsaaklike deel van die opvoedingsprogram moet vorm. Verbruikersopvoeding is die proses wat nodig is vir die verantwoordelike bemoeiing wat die onderwyser met die kind moet maak om binne die grense van sy opvoedingstaak aan die jeugdige rigting en leiding te verskaf. (Fazal en Singh, 1991:vii).

Heersende omstandighede stel hoë eise aan en bring ingewikkelder probleme vir die kind as verbruiker mee. Verbruikersopvoeding is lewensopvoeding waarin die kind in individuele of groepsverband gehelp word om sy vermoëns te ontdek en te ontwikkel om sodoende sy roeping as mens na regte te kan vervul. Verbruikersopvoeding moet daartoe lei dat hy geroep kan wees tot 'n verantwoordelike verbruiker wat ook selfstandig kan omsien na sy verbruikersbehoefte.

3.4 ENKELE STANDPUNTE OOR VERBRUIKERSOPVOEDING

Volgens Fazal en Singh (1991:vii) kan verbruikersopvoeding verskillende konnotasies hê as gevolg van die gehoor waarvoor dit bedoel word. Eerstens is die verbruiker op skool die teikengroep vir formele verbruikersopvoeding, vanweë die plek en tyd vir implementering as deel van 'n skoolprogram.

Verbruikersopvoeding vind ook op informele vlak plaas waar die teikengroep nie skolasties bevoeg of geletterd is nie. Dus is daar 'n onderskeid in sowel die inhoudelike as die metodiek van die verbruikersopvoedingsprogram. Desondanks is dit duidelik dat die opvoeder wat met die formele verbruikersopvoedingsprogram werk hom sal besig hou met die toepassingsterrein van hierdie saak.

Van Hooft (1974:1) wys daarop dat ongeag die benaming wat aan die program gegee word, moet dit 'n benaming wees wat by die bepaalde diens pas en dit die beste beskryf. Die program moet ook voldoen aan sekere belangrike vereistes. Verbruikersopvoeding in die skool moet dus 'n opvoedingshandeling wees. Die handeling is gerig op die mens as waardebewuste verbruiker; dit veronderstel dat hy verder ook 'n wese is met keusevryheid. Hierdie reg tot keuse kan slegs op 'n verantwoordelike wyse uitgeleef word as die opvoeder die kind daartoe lei. Alle aspekte van belang by verbruikersopvoeding is van gelyke waarde.

Verbruikersopvoeding is 'n geïntegreerde deel van lewensopvoeding omdat dit die mens se hele bestaan raak (Fazal en Singh, 1991:vii).

Die begrip verbruikersopvoeding moet die grense van sy betrokkenheid aandui. Die kern van verbruikersopvoeding behoort dus te wees opvoeding wat bydra tot die volle ontwikkeling van die kind en sy behoeftes. Verbruikersopvoeding op skool behoort 'n hulpdienst te wees aan alle skoliere sonder om in te meng met die opvoedingstaak van die onderwysers (Van Hooft, 1974:1).

Volgens Fazal en Singh (1991:vii-viii) dui verbruikersopvoeding dus op die verskaffing en verwerwing van kennis en vaardighede deur die leerling wat daaglik deelneem aan verbruikerswese om sodoende in staat te wees om met vertroue ingeligte keuses uit goedere en dienste, te kan maak. Dit is die omhoogleiding van die verbruiker tot volle verantwoordelikheid en volwassenheid in verbruikersbesteding.

Verbruikersopvoeding behoort gesien te word as 'n diens aan die leerling in die skool.

3.5 DIE BEGRONDING VAN VERBRUIKERSOPVOEDING

Die mens se beskouing van die werklikheid is van groot belang vir die manier waarop hy met sy omgewing omgaan.

Die rol en invloed van die opvoeder op die leerling is van groot waarde omdat dit hier altyd gaan om die vorming van die kind. Die opvoeder moet dus voldoen aan sekere eise as opvoeder, veral as dit kom by sy lewensbeskouing.

3.5.1 Die antropologiese uitgangspunte

Die opvoeder se mensbeskouing sal bepaal hoe die opvoeder die leerling binne die program benader. Die Christen-opvoeder sien die mens as medeskepsel, geskape na die beeld van God, gevalle mens, in sy Christus-aanvaarding ook geredde mens. (Kruger, 1991:17).

Fazal en Singh (1991:x) is van mening dat die beginsel van vryheid en verantwoordelikheid van die mens hier van groot belang vir die opvoeder is. Die opvoeder moet die kind in dié verband nog opvoed sodat hy insig sal bekom. Ook as verbruiker is dit van groot belang vir die kind vanweë die verskillende situasies waarin hy homself daagliks bevind.

3.5.2 Opvoedkundige uitgangspunte

Hierdie uitgangspunte is van kernbelang wanneer die opvoedingsaktiwiteite vir veral die verbruikersopvoedingsprogram beplan word. Hier is sowel verskeie lewensbeskoulike as mensbeskoulike komponente wat nie van mekaar te skei is nie (Van Hooft, 1974:1).

* Die beginsel van individuele verskille:

As leerling is elke kind 'n unieke skepsel van God, daarom verskil verbruikers ook van mekaar. Ingebore individuele verskille manifesteer baie duidelik in die verbruiker se gedrag en behoeftes. In die verbruikeropvoedingsprogram moet die opvoeder dus deeglik hiermee rekening hou. Verbruikers se omstandighede, behoeftes, agtergrond, kennis, vermoëns en persoonlikhede verskil dus van mens tot mens.

Elke leerling moet dus in die verbruikersopvoedingsprogram so benader word (Fazal en Singh, 1991:vi).

Die verbruiker se keuses en besluite word nou geraak deur sy individualiteit. Elke verbruiker behoort beskou en erken te word volgens sy eie besondere individuele eienskappe en behoeftes, en die opvoeder mag nie rigotisties eise stel waaraan alle leerlinge te alle tye moet voldoen nie (Baecher et al., 1973:2).

* Die reg tot die maak van keuses:

Die mens het die vryheid en reg om self keuses te maak waar meer as een moontlikheid ter sprake is. Kruger (1991:9) gaan van die standpunt uit dat sinvolle keuses goeie opvoedkundige waarde het, "dat keuse wel moontlik is, en dat daar vermoë is om te kan kies".

Fazal en Singh (1991:x) wys daarop dat die reg om te kan kies internasionaal erken word. Die reg stel die verbruiker in staat stel om te kan kies uit 'n reeks produkte en dienste wat teen mededingende pryse met 'n versekering van bevredigende gehalte aangebied word. Die verbruiker moet dus opgevoed word om hierdie reg tot keuse selfstandig maar ook verantwoordelik te kan toepas in sy daaglikse lewe.

Indien die kind as verbruiker hom in 'n situasie bevind waar dié reg hom ontnem word, moet hy dus opgevoed wees om sò 'n situasie te kan hanteer. In aansluiting hierby stateer Fazal en Singh (1991:xi) dat verbruikersopvoeding oor keuses en die reg hierop moet bydra tot die kind se vermoëns om selfstandig te vorder tot 'n verantwoordelike verbruiker wat sy reg tot keuse sal ken en dit verantwoordelik sal toepas. Die mate waarin die kind toegelaat sal word om self te kies, sal afhang van die mate van volwassenheid wat die kind bereik het.

Volgens Fazal en Singh (1991:x) moet die kind as verbruiker beseef dat hy nie altyd die reg tot vryheid van keuse het sonder die verantwoordelikheid daarvoor nie. Juis hierin kom talle verbruikers se onverantwoordelike optrede hul duur te staan. Vryheid impliseer ook die verantwoordelikheid wat daarmee gepaard gaan. Die opvoeder behoort leiding aan die leerling as verbruiker te bied wanneer ernstiger keuses gemaak moet word. Dis juis hier waar verbruikersopvoeding se groot waarde lê, omrede verkeerde besluite die verbruiker finansieël duur te staan kom. Verbruikersopvoeding aangaande keuses moet baie duidelik voorgestel word met die gepaardgaande konsekwensies hiervan. Dit mag gebeur dat "verkeerde keuses ook tot groter opvoedkundige waarde vir die leerling mag strek omrede die kind vanuit sy foute mag leer" (Van Hooft, 1974:3).

* Die mens as totaliteitswese:

Die kind as verbruiker word beskou as die hele mens, omdat hy altyd as totale mens in sy opvoedingsituasie betrokke is. (Gibson en Mitchell, 1981:24).

As verbruiker behels die eenheidsfaktor dus dat die hele mens betrokke is by die verbruikersopvoedingsproses. Dit beteken ook dat die kind as verbruiker nie opgebreek kan word in kompartemente nie. Sy totale ontwikkeling, hetsy psigies of fisiek, is ewe belangrik wanneer sy eienskappe onder die loep kom.

In die verbruikersopvoedingsprogram moet die opvoeder ook deeglik rekening hou met leerlinge se vermoëns, belangstellings en aanlegte (Van Hooft, 1974:4).

* Verbruikersopvoeding is die reg van alle leerlinge:

Elke seun of dogter het 'n behoefte aan verbruikersopvoeding weens die vormende aard daarvan. Verbruikersopvoeding behoort by te dra tot die optimum prestasie en ontwikkeling van elke

leerling as verbruiker. Verbruikersopvoeding behels dus bemoeienis met alle leerlinge as teikengroep en is daarom die voorreg van alle leerlinge.

Volgens Gibson en Mitchel (1981:24) is verbruikersopvoeding in 'n groot mate 'n vormende opvoedingsaktiwiteit.

Die opvoeder behoort aandag te gee aan die kind se aspirasies en moet besef dat alle leerlinge sal baat vind by verbruikersopvoeding omdat hulle 'n behoefte daaraan het vanweë hul totale menswees.

Die verbruikersopvoedingsprogram moet dus so ontwikkel word dat elke leerling hierby betrek kan word. Fazal en Singh (1991:xi) bevestig dat verbruikersopvoeding in 'n belangrike mate ook 'n vormende opvoedingsaktiwiteit is.

* Verbruikersopvoeding is 'n deurlopende handeling:

Baecher et al. (1973:2) wys daarop dat hierdie opvoedingsproses deurlopend van aard behoort te wees, sodat dit 'n vormende uitwerking op die kind se lewe kan hê. Verbruikersopvoeding behoort die leerling voortdurend in staat te stel om die regte besluite en keuses te maak omdat dit sy lewenskwaliteit raak. Die verbruiker behoort voortdurend in staat te wees om met groter vrymoedigheid en kundigheid die regte besluite te neem. (Schiffman en Kanuk, 1978:28-37).

Sò sal verbruikersopvoeding 'n positiewe rol kan vervul in die verbruikerswese. Hierdie deurlopende opvoeding sal 'n stempel laat op die persoonlikheid van die leerling sodat sy aanpassing as verbruiker binne sy verwysingsraamwerk van waardes en kultuur tot volheid sal ontplooi.

Volgens Van Hooft (1974:1) mag verbruikersopvoeding nie 'n lukrake handeling wees nie.

Om te voorsien in die behoefte van elke leerling aan verbruikersopvoeding is dit baie belangrik dat verbruikersopvoeding georganiseerd moet plaasvind. Dit is dus noodsaaklik dat 'n goed beplande verbruikersopvoedingsprogram aangebied moet word. Verbruikersopvoeding moenie as 'n "stopvak" gebruik word nie maar moet altyd as ware opvoeding gesien word.

Van Hooft (1974:1) wys daarop dat verbruikersopvoeding geïntegreer moet word met die res van die skoolprogram sodat dit positief tot die totale opvoedingsprogram kan bydra.

As 'n komponent van lewensopvoeding moet dit 'n deeglik beplande, doelgerigte program wees sodat dit die teiken en doelwitte wat gestel is kan bereik. Deeglik opgeleide en toegewyde opvoeders moet dit beplan. Die program moet plek maak vir aspekte soos groepbesprekings, individuele deelname, bestudering van brosjures en ander onderrigmetodes (Van Hooft, 1974:4).

* Verbruikersopvoeding moet doelgerig wees:

Hierdie opvoedingshandeling het duidelike doelstellings wat sy aard weerspieël. Die opvoeder in dié opvoedingshandeling sal volkome duidelikheid hê oor wat met verbruikersopvoeding beoog word.

* Verbruikersopvoeding is deel van die opvoedingshandeling:

Volgens die agt erkende verbruikersregte, soos aanvaar deur IOCU en verbruikersorganisasies wêreldwyd, word beklemtoon dat verbruikersopvoeding 'n besliste deel van die opvoedingsproses moet wees. Daarom is dit nodig om te beseef dat verbruikersopvoeding "opvoeding vir lewe" is. Verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding moet dus nooit in systrome van nie-opvoedkundige aard beland nie.

- * Volgens Van Hooft (1974:1) moet die opvoeder die kind met waardigheid bejeën want wedersydse vertroue en respek sal lei tot begrip. Die opvoeder moet die kind respekteer as verbruiker in eie reg.

Verbruikersopvoeding en -inligting behoort oorgedra te word aan die leerling deur middel van 'n nederige en verantwoordelike opvoeder.

Elke leerling behoort as waardige skepsel van God in eie reg gesien te word. Die opvoeder behoort nie 'n oordeel uit te spreek oor enige leerling nie ongeag die probleem wat hy dalk met die leerling mag ervaar. Die opvoeder behoort sy beste te gee aan elke leerling wat betrek word by die verbruikersopvoedingsprogram (Van Hooft, 1974:2).

3.6 DIE DOEL VAN VERBRUIKERSOPVOEDING

Die doel van verbruikersopvoeding moet volgens Fazal en Singh (1991:viii) gesien word in die lig van die volgende definisie:

Verbruikersopvoeding is bedoel om kennis en vaardighede te bekom wat nodig is om met vertroue ingeligte keuses uit goedere en dienste te doen, in bewustheid van basiese verbruikersregte en verantwoordelikhede en hoe om daarvolgens op te tree.

Van Hooft (1974:3-4) is van mening dat verbruikersopvoeding ook die volgende ten doel het:

- * Die bevordering van vermoëns om self verantwoordelike keuses en besluite te kan neem as verbruiker. Dit moet lei tot selfontdekking en selfbegrip by die verbruiker.
- * Die bevordering van beter verbruikersverhoudings in die handel en nywerheid tussen verbruikers en produsente of verskaffers van goedere en dienste waarvoor die verbruiker moet betaal.

* Hulp tot selfverwesenliking as verbruikers:

Om sinvolle bydraes in die gemeenskap te lewer, moet die leerling as verantwoordelike verbruiker sy geld en tyd kundig bestee.

* Identifisering en uitskakeling van steuringsfaktore:

Die jong verbruiker bevind hom dikwels in situasies waar hy uitgebuit en ingeloopt word, daarom is dit nodig dat hy hieroor ingelig en opgevoed behoort te wees sodat hy sulke situasies reg kan hanteer.

Fazal en Singh (1991:vii-viii) wys verder daarop dat verbruikersopvoeding ook die volgende ten doel het:

* Die begeleiding van die onvolwasse verbruiker op die pad na volle wasdom in 'n voortdurend veranderende wêreld wat sy lewe as verbruiker direk of indirek raak.

* Die bewusmaking van verbruikers ten opsigte van hul regte as verbruiker.

* Die opvoeding oor verbruikersverantwoordelikhede teenoor hulself en ander rolspelers in die verbruikerswese. Vryheid met verantwoordelikheid is hieraan gekoppel.

* Die skep en onderhouding van gesonde verbruikersgewoontes as deel van 'n gesonde gesinslewe.

* Hulpverlening met verwerwing van kennis en begrip van verbruikersprobleme en hoe om hulle reg te kan hanteer.

* Die verskaffing van inligting:

Inligting oor verbruikerswese moet bydra tot selfverantwoordelike besluitneming deur verbruikers wanneer hulle dit nodig het by daaglikse keuses uit goedere of dienste. Inligting aan die kind as verbruiker oor sake van belang wat sy lewe en

toekoms as verbruiker raak, is nodig; so ook inligting oor sy sosiale verantwoordelikhede as verbruiker teenoor medeverbruikers en die sakewêreld. Dit sluit dus ook kommunikasievaardighede in.

- * Die beskerming van verbruikers deur hul regte te beskerm en hulle hieroor op te voed sodat hulle sal weet hoe en wanneer om te kla.
- * Oriëntering van die verbruiker binne die raamwerk van verbruikerswese sodat hy 'n volwaardige rol kan vervul met begrip van faktore wat sy lewe as verbruiker mag raak.

Om al hierdie sake tot hul reg te laat kom in 'n lewensopvoedingprogram is dit noodsaaklik om te let na verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding.

3.7 VERBRUIKERSOPVOEDING AS KOMPONENT VAN LEWENSOPVOEDING

3.7.1 Oriëntering

Weens die herstruktuering van die skoolvoorligtingsprogram in sekondêre skole van die Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie Volksraad) in Suid-Afrika is die program nou bekend as "Lewensopvoeding". Verskillende komponente van opvoeding sal dus in die Lewensopvoedingsprogram opgeneem word. Die verskillende komponente van belang sal veral onder Burgerkunde en Persoonsopvoeding ressorteer (Marais, 1994:1).

Vervolgens word gelet op wat lewensopvoeding is. Die doelstelling vir die lewensopvoedingsprogram sal bestudeer word met inbegrip van toeligting van begrippe soos lewensvaardighede en -gesindhede in die verband.

3.7.2 Wat is lewensopvoeding?

Lewensopvoeding is 'n gekoördineerde, normgerigte opvoedingsprogram wat die leerling met lewenskennis, lewensvaardighede en gesindhede moet toerus ter optimalisering van die kwaliteit van sy totale lewensituasie (Hopson en Scally, 1981:63). Lewensopvoeding het ten doel om die leerling sò toe te rus dat hy sy moontlikhede optimaal kan aanwend tot voordeel van homself en die samelewing en tot eer van die Skepper. Dit behels lewenstoe-rusting. Die komponente wat hieronder sal ressorteer sluit in: Loopbaanoriëntering, Persoonsopvoeding, Burgerkunde, Liggaamlike Opvoeding, Bybelkunde, Kuns en Klasmusiek (Marais, 1994:55).

3.7.3 Die missie van lewensopvoeding

Die lewensopvoedingprogram is direk gemik op die voorbereiding van die kind vir sy volwasse lewe. In die lig van die probleme en eise van wat die moderne wêreld aan die kind stel, is dit belangrik dat aan die jeugdige ook rigting en leiding verskaf sal word. Dit kan net geskied deur 'n lewensopvoedingsprogram wat veral gemik is om die kind beter toe te rus met lewensvaardighede, kennis en gesindhede (Kruger, 1991:24).

3.7.4 Algemene doel van lewensopvoeding

Die jong kind het 'n behoefte aan en is aangewese op lewensopvoeding. Hieronder kan die kind nie groei en ontwikkel om sy roeping en sy kultuuropdrag op verantwoordbare wyse uit te voer nie.

Die veronderstelling is dan dat die individu wat homself verstaan, sy wêreld meer effektief en produktief sal benader en 'n gelukkiger mens sal wees wat ook mededoë met ander het. (Shertzer & Stone, 1976:39).

3.7.5 Breë doelstellings wat nagestreef word met verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding

Die volgende breë doelstellings word nagestreef:

- * Die volwassewording van die kind en daarmee saam die leiding om te kan eksploreer.
- * Die ontdekking van die eise wat aan hom gestel word en hoe om dit te verstaan.
- * Die verantwoordelikeheidsaanvaarding by besluitneming en die maak van keuses.
- * Die kennisname deur die leerling van sy eie moontlikhede en beperkings.
- * Die leiding ten opsigte van deelname in die latere beroepswêreld.
- * Die verwerwing van besluitvaardighede.
- * Die begeleiding oor 'n tydperk tot selfstandigheid en probleemoplossing.
- * Die deskundige hulpverlening aan die onvolwasse leerling deur middel van wetenskaplik getoetste metodes.
- * Die kontinue proses wat inligting gee en voorkomend van aard is (Fazal en Singh, 1991:viii).

Die lewensopvoedingsprogram het ten doel om 'n diens aan die gemeenskap te lewer.

3.7.6 Die plek van verbruikersopvoeding in die lewensopvoedingsprogram

In die lig van die voorafgaande is dit baie nodig om raakpunte vir die noodigheid van verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding te identifiseer. Verbruikersopvoeding is grootliks gekoppel aan die mens se hele menswees. Dit raak elke individu, ongeag geslag of ras. Die mens as geskape wese is 'n verbruiker vanaf sy eerste asemteug tot by sy graf (Baecher et al., 1973:2). Verwerwing van lewenskennis as verbruiker moet geskied omrede die mens as verbruiker 'n behoefte hieraan het (Hopson en Scally, 1981:63).

Fazal en Singh (1991:viii-xi) wys op die volgende rol wat verbruikersopvoeding moet speel:

- * Verbruikersvaardighede en -gesindhede hang ten nouste saam met die kuns van oorlewing as verbruikers. Dit is veral die jeugdige verbruiker wat 'n behoefte het aan verbruikerskennis, verbruikersvaardighede en die aanleer daarvan omrede hy daarsonder gebore is.
- * Die verbruikersopvoedingsprogram as komponent van lewensopvoeding kan baie positief bydra tot die voorbereiding van die jeugdige verbruiker omdat dit hierdie doelwitte nastreef.
- * Verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding kan groot voordele inhou vir die individu self omdat hy gevorm word en hierin opgevoed word. Verder kan hierdie voordeel strek tot 'n groter nut vir die gemeenskap omdat 'n opgevoede verbruiker positiewe bydraes tot die samelewing kan maak. As skepsel van God het die verbruiker ook steeds 'n voordeel as hy hierin opgevoed is, omdat hy gedurig in wisselwerking en afhanklikheid staan tot ander verbruikers.
- * Om verbruikerskundig te word deur die proses van verbruikersopvoeding kry die kind veral geleentheid om te eksplloreer, te ervaar en sò te leer. Dit lei tot verdere verantwoordelikhedsbesef en selfstandigheid as verbruiker. Deur die proses van verbruikersopvoeding leer die jong verbruiker gou wat sy moontlikhede en beperkings is as gevolg van die eise wat die lewe daagliks aan hom stel.
- * Deur verbruikersopvoeding leer die jong verbruiker wat sy regte is en gepaard daarmee die besef van sy verantwoordelikhede.
- * Verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding lei dus tot selfstandigheid van die jeugdige burger as verbruiker. Omrede die verbruiker se direkte betrokkenheid in die beroeps-

en sakewêreld is verbruikersopvoeding ook nodig om 'n gesonde perspektief hieroor te kan ontwikkel.

- * Verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding moet bydra tot voorkoming van probleme vir die individuele jeugdige verbruiker asook vir sy gemeenskap.

3.7.7 Gevolgtrekking

Verbruikersopvoeding is die reg van elke burger, en behoort reeds op skoolvlak as 'n geïntegreerde vak aangebied te word omdat dit "opvoeding vir die lewe" is (Baecher et al., 1973:2).

Verbruikersopvoeding kan treffend inskakel in die lewensopvoedingsprogram omrede daar soveel raakpunte van belang is. Verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding kan verder bydra tot die ontwikkeling van selfstandige en opgevoede verbruikers as nuttige landsburgers (Van Hooft, 1974:iii).

3.7.8 Samevatting

Uit die doelwitte en funksies van verbruikersopvoeding blyk dit dat:

Verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding 'n besliste plek en taak het om te vervul.

Verbruikersopvoeding 'n belangrike rol te speel het in die opvoedkundige program van die skool omdat dit te make het met die kind se totale ontwikkeling.

Die tegnologiese ontploffing en die veelheid daaglikse eise aan die jeugdige verbruiker verg dat hy toegerus moet word met verbruikerskundigheid en -vaardighede. Hierdie vaardighede kan net aangeleer word deur 'n proses van verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding wat ten doel het om die mens op te voed tot volwaardige burgerskap.

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp en veldwerk vir die navorsing uiteengesit.

Die vraeboommetode word as die mees toepaslike tegniek in die uitvoering van die ondersoek gemotiveer. Vervolgens word die empiriese ondersoek en die samestelling van die vraeboom bespreek. Ten slotte word die aandag gevestig op die begeleidende en opvolgbrief en terugontvangs van die vraeboom.

4.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek behels die volgende:

- i Om empiries die behoefte aan en stand van verbruikersopvoeding in sekondêre skole in die Pretoria-streek te bepaal
- ii Om te bepaal wat die aard, wese en doel van verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding behoort te wees
- iii Indien dit sou blyk dat daar wel 'n behoefte aan verbruikersopvoeding bestaan, riglyne te ontwerp in 'n poging om verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding te implementeer.

4.3 DIE ONDERSOEKMETODE EN KEUSE VAN DIE ONDERSOEKMIDDEL

In paragraaf 4.2(i) en (ii) is die doel van die empiriese ondersoek geformuleer.

Die mees bruikbare ondersoekmetodes wat sou voldoen aan die geldigheids- en betroubaarheidsvereistes waarmee die verlangde inligting bekom kon word, moes vir dié doel geïmplementeer word. Die volgende faktore is oorweeg:

- i Die moontlikheid om die lewensopvoedingsprogram van die sekondêre skool vir standerd sewe leerlinge te evalueer.
- ii 'n Vraeboog onder st 7-leerlinge in sekondêre skole in die Pretoria-omgewing te versprei.

Die vraeboogmetode is vir hierdie ondersoek gekies omdat dit as die mees toepaslike dataversamelingstegniek vir die besondere ondersoek beskou word. (Oppenheim, 1966:30-31).

Daar word kortliks ingegaan op die voor- en nadele van die vraeboog as navorsingsmetode.

4.3.1 Die vraeboog as empiriese navorsingsmetode

Die vraeboog word gebruik vir die insameling van gegewens waardeur die respondent met die navorser kommunikeer en sodoende sy houdings, gedagtes, menings, standpunte en so meer bekend maak. (Benecke, 1980: 79; Shertzer en Stone, 1976:256-257). Volgens Kritzinger et al. (1981:725) is 'n vraeboog 'n reeks vrae of 'n ondervraging aan die hand waarvan vrae oor 'n sekere onderwerp gevra word. Dit word deur navorsers gebruik om inligting in te win. Dit moet deur verskillende persone beantwoord word en het betrekking op

houdings, opvattinge en menings (Ohlson, 1974:239) wat navorsingsgegevens versamel (Shertzer en Stone, 1976:218). 'n Vraeboog word deur ander persone op versoek van die navorser skriftelik of mondeling beantwoord (Hopkins, 1981:13).

De Landsheere (1973:63) wys daarop dat daar besware teen die vraeboog as navorsingsmetode bestaan, byvoorbeeld:

- * die gestelde vrae is vanuit die standpunt van die ondersoeker;
- * respondente gee op hul beurt subjektiewe response weer; en
- * respondente is dikwels nie op die hoogte met die probleem wat deur die vraeboog gedek word nie.

4.3.1.1 Nadele verbonde aan die vraeboog

Die nadele verbonde aan die vraeboog is onder meer:

- * Daar is dikwels 'n lae persentasie terugontvangste (Ary et al., 1972:170; Turney en Robb, 1971:13).
- * Respondente kan sommige vrae, indien dit nie baie duidelik geformuleer is nie, verskillend vertolk en gevolglik kan die resultate misleidend wees (Lehman en Mehrens, 1979:84; De Wet et al., 1981:163).
- * Leemtes ontstaan in die vraeboog indien slegs gestruktureerde of net ongestruktureerde items gebruik word.
- * Soms word respondente gedwing om 'n antwoord uit 'n aantal moontlikhede te kies (Ary et al., 1972:170).

- * Somtyds beantwoord respondente nie al die vrae nie, terwyl sommige vrae ook nie volledig afgehandel word nie (Turney en Robb, 1971:13)).
- * Die anonimiteit van vraeboë skep probleme met die identifisering van respondente met die oog op 'n opvolgbrief. Daarbenewens bemoeilik anonieme vraeboë sekere statistiese berekeninge.

4.3.1.2 Die voordele van die vraeboog as navorsingsmetode

Die vraeboog het besliste voordele waaronder die volgende:

- * Dit bied die respondent die geleentheid om objektiewe response aan te bied.
- * Respondente kan vryelik respondeer en anoniem bly sonder vooroordele en enige terughoudendheid (Borg en Gall, 1983:424-425).
- * Ten opsigte van aspekte soos tyd en finansies, is dit 'n ekonomiese dataversamelingswyse (Ary et al., 1972:170; Gay, 1976:128).
- * Persoonlike beïnvloeding deur die onderhoudvoerder word uitgeskakel.
- * Die vraeboog as navorsingsmetode bevorder eerlike beantwoording van vrae (Cohen en Manion, 1980:253).
- * Standaardvrae word aan alle respondente gestel (Lovell en Lawson, 1970:86)
- * Tabulering van die response vergemaklik die analisering daarvan (Ary et al., 1971:17).

- * 'n Groot aantal proefpersone kan betrek word by die ondersoek (Turney en Robb, 1971:130).
- * Die vraeboog leen hom goed tot oorweegde antwoorde (Mouly, 1978:141).

4.3.2 Ontwerp van die vraeboog as empiriese navorsingsmetode

4.3.2.1 Konstruksie van die vraeboog

Die formulering en samestelling van 'n vraeboog kan 'n belangrike rol speel om in 'n studie/navorsingsprojek 'n bepaalde verband te lê tussen waarneembare verskynsels. Die sukses, geldigheid en betroubaarheid van die vraeboogondersoek hang grootliks af van die doeltreffende konstruksie daarvan (Mouly, 1978:190).

Hoe duideliker die doelformulering van die ondersoek, des te beter kan elke item in verband gebring word met die doel van die ondersoek. Volgens Mouly (1978:191) verhoog dit nie slegs die funksionele waarde van die items nie maar dit moedig response aan, want respondente "will tend to shy away from a questionnaire that is simply a fishing expedition aimed in the general direction of the target".

Dié tipe vraeboog wek negatiewisme en beland gewoonlik in 'n snippermandjie (Borg en Gall, 1983:295).

Alle moontlike aspekte van die ondersoek moet aandagtig oorweeg word, byvoorbeeld die steekproefgrootte, die lengte van die vraeboog, die inhoud, die vorm, die besondere bydrae en nut van elke item en die appél van die begeleidende brief (Mouly, 1978:191; Gay, 1976:128). 'n Raadsondersoek en revisie van die voorlopige vraeboog is nodig. Die navorser moet alles binne sy vermoë doen om 'n maksimum terugontvangste te verseker.

Volgens Mouly (1978:191) is respondente bereid om inligting te verstrek, indien die ondersoek dit regverdig. Vraeboë moet foutloos wees. Kriteria vir geldigheid en betroubaarheid is soos volg:

4.3.2.2 Betroubaarheid

Die betroubaarheid van 'n metingskaal, soos die vraeboog, word beskryf as 'n algemene term wat die verskillende tegnieke beskryf waarmee die navorser die konsekwentheid van 'n gegewe telling kan evalueer (Sax, 1968:220-243).

Betroubaarheid van 'n vraeboog is daarin geleë dat dit 'n bepaalde kriterium binne die vraeboog konsekwent van geleentheid tot geleentheid by dieselfde respondent meet (Anastasi, 1971:71).

Volgens Du Plooy en Fraser (1988:306) impliseer dit dat dieselfde waarnemings sigbaar word wanneer dieselfde vraeboog onder verskillende omstandighede toegepas word op verskillende ondersoekgroepe. Wanneer toevallige en ongewenste faktore nie 'n rol by die uitkoms van 'n vraeboog speel nie, is die vraeboog nie betroubaar nie. Dit wil sê dat, as toevallige faktore die toets beïnvloed, kan 'n konsekwente voorspelling nie met die uitkomst van die vraeboog gemaak word nie (Owen en Taljaard, 1988:27).

4.3.2.3 Geldigheid

Om die geldigheid van 'n metingstoets te kan peil, is dit nodig dat daar getuienis moet bestaan dat die vraeboog vir 'n spesifieke doel geldig is. Volgens Du Plooy en Fraser (1988:305) hou die geldigheid van 'n navorsingsontwerp nou verband met die volgende stappe, naamlik:

- * seleksie van die navorsingstemas;
- * probleemstelling;
- * konseptualisering van die konsepte;
- * hipotesestelling;
- * insameling van die navorsingsdata;
- * analisering van die data; en
- * interpretasie van die data

Owen en Taljaard (1988:33) verwys na Guion wat sê dat die geldigheid van die vraeboog daarin geleë is dat dit 'n evaluering van die kriteria is om te bepaal of die vraeboog relevant is met betrekking tot die doel waarvoor die vraeboog opgestel is met ander woorde – meet die vraeboog wat dit veronderstel is om te meet. Die geldigheid van 'n vraeboog hang dus af van wat dit meet en hoe goed dit meet, wat dit veronderstel is om te meet.

4.3.3 Die konstruksie van die vraeboog vir hierdie navorsing

Die volgende kriteria is in berekening gebring by die opstel van die vraeboog vir hierdie ondersoek:

- * Die anonimiteit van die respondent sowel as die skole waaraan hulle verbonde was, word verseker.
- * Vrae wat moontlik verleentheid vir die respondente kan skep is sover moontlik vermy.
- * Daar is sover moontlik gebruik gemaak van geslote tipe vrae ten einde die verwerking van die data te vergemaklik en om 'n hoër mate van objektiwiteit te bewerkstellig.
- * Aanwysings vir die voltooiing van die vraeboog is vervat onder "Algemene Aanwysings".

Respondente moes die aanwysings lees voordat hulle die vraeboog voltooi.

- * Daar is gepoog om die doel van hierdie vraeboog aan die respondente te stel en respondente van hul anonimiteit te verseker.
- * Respondente is versoek om alle vrae te beantwoord.
- * Daar is gepoog om objektiwiteit te konstrueer in al die vrae.
- * Die betroubaarheid van die verkreeë data hang grootliks af van die eerlikheid waarmee die respondente die vrae beantwoord het.
- * Die doel van en die wyse waarop die vraeboog toegepas word, sowel as die teikengroep vir wie dit ontwerp is, bepaal die soort vraeboog wat ontwerp moet word by 'n bepaalde ondersoek (Sax, 1968:22).
- * Vir rekenaarverwerking van die data, is dit noodsaaklik dat items op so 'n wyse saamgestel word dat slegs 'n beperkte aantal response per item moontlik is.
- * Elke item moet kort en relevant wees en betrekking op die bepaalde ondersoek hê.
- * Elke item moet duidelik geformuleer wees en slegs oor een onderwerp handel.
- * Die keuse moet eenvoudig gestel word om betroubaarheid te verhoog.
- * Kwalitatiewe items soos goed en sleg moet vermy word.

- * Die formulering van die vrae om die verlangde inligting te bekom, is belangrik.
- * Vrae moet so gestruktureer wees dat slegs een antwoord verstrek kan word.
- * Sinsbou moet korrek en die taalgebruik foutloos wees.

Die twee tipes items wat algemeen gebruik word vir die konstruksie van vraeboë is die gestruktureerde (geslote) items en ongestruktureerde (ope) items. Die ondersoeker moet vertrouwd wees met die twee soorte items voordat met die konstruksie van die vraeboek begin word. Die keuse van die item word bepaal deur die doel van die navorsing (Turney en Robb, 1971:30).

4.3.3.1 Gestruktureerde (geslote) items

'n Gestruktureerde item bestaan uit 'n geslote vraag met 'n aantal alternatiewe antwoorde waaruit die respondent kan kies, byvoorbeeld:

Gebruik die volgende skaal om vraag 3.1 te beantwoord.

Ek weet nie wat die volgende begrip/term beteken nie	= 1
Ek het al van die begrip/term gehoor of gelees maar die betekenis daarvan is nog nooit aan my verduidelik nie	= 2
Ek het 'n vae begrip van wat die konsep/term beteken	= 3
Ek is heeltemal vertrouwd met die begrip/term en weet wat dit beteken	= 4

Voorbeeld: Indien jy nie weet wat die konsep/term "verbruiker" beteken nie, sal jy jou vraag soos volg antwoord:

Verbruiker 1 2 3 4

Gestruktureerde items vergemaklik sowel die nasien as die data-analise (Landman, 1980:109). Ten opsigte van die verdeelde itemvraag, moet die respondent kies tussen "ja" en "nee", en 'n moontlikheid om te motiveer.

Vraag:

- (a) Is dit volgens jou mening wenslik dat jong verbruikers meer moet leer oor hul regte as verbruikers?

Ja	1
Nee	2

- (b) Indien jou antwoord in (a) Ja was, motiveer kortliks:

.....

4.3.3.2 Inhoud van die vraeboog

Konsepvrageboë is saamgestel en aan kundiges voorgelê vir beredenering. Die nodige wysigings is aangebring om die verwerking van die data te verbeter en te vergemaklik.

Die inhoud van die vraeboog is bepaal nadat 'n literatuurstudie gedoen is. Navorser het hom ook laat lei om die probleme en behoeftes ten opsigte van keusemaking, van die st 7-leerlinge, sowel as die inhoud van die burgerskapprogram aan te spreek.

Met die oog op 'n realistiese tyd vir die voltooiing van die vraeboog, moes noodwendig keuses gemaak word ten opsigte van die belangrikste sake waarop die vrae gefokus moes word.

Die situasie van die jeugdige in die sekondêre skool, met betrekking tot sy basiese behoeftes as verbruiker, verskaf die rasionaal vir hierdie ondersoek.

Uit ervaring en die praktyk het die gedagte ontstaan om vas te stel waarom (indien wel) st 7-leerlinge onseker is oor hul verbruikersregte en wat die aandeel van die skool se burgerskapprogram in hierdie verband is.

4.3.3.3 Tegniese versorging

Die tegniese versorging van die vraeboog is van besondere belang en verdien vervolgens aandag:

* 'n Netjiese professionele voorkoms sal terugontvangste verbeter (Youngman, 1978:20; Borg en Gall, 1983:298 en Cohen en Manion, 1980:85) en bied die volgende wenke ten opsigte van die vraeboog aan:

- 'n Konsekwente plasing van die blokkies waarin die respondente 'n kringetjie moet maak, vergemaklik en bespoedig die voltooiing van die vraeboog.
- Die tikwerk en lettertipe is belangrik.
- Belangrike vrae moet liefers nie aan die einde van die vraeboog geplaas word nie.
- Instruksies moet, indien nodig, herhaal word.

4.3.3.4 Anonimiteit

In die meeste opvoedkundige ondersoeke word proefpersone versoek om hulle te identifiseer.

Soms wanneer die verlangde inligting vertroulik is, word 'n anonieme ondersoek opgestel. In hierdie navorsing is daar ook gepoog om die respondente se anonimiteit te beskerm. Die volgende faktore is ook oorweeg:

- * Die belangrikheid van identifikasie met betrekking tot die analise van die data.
- * Die volwassenheid van die proefpersone.
- * Die moontlike effek van anonieme vraeboë op die terugontvangste.
- * Die prosedure met betrekking tot die analise van die resultate.

4.4 Motivering van die items wat in dié vraeboog ingesluit is

Na aanleiding van die bevindings met die literatuurstudie en met inagneming van die doelstellings van hierdie ondersoek is besluit om meer inligting oor die volgende sake in verband met verbruikersopvoeding te verkry:

- * Dit is belangrik om te weet dat die kind as 'n gebalanseerde mens opgevoed moet word vanweë die besondere behoeftes wat hy ervaar. Daar moet dus 'n vraag of vrae gestel word om te bepaal in welke mate die jeugdige se reg tot die bevrediging van basiese behoeftes in die skool aangespreek word.
(Kyk vrae 2.1, 2.2, 2.3, 2.4, 3.1.1, 3.1.2, 3.1.6)
- * In hoofstuk 3 is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die jeugdige verbruiker slegs kennis neem van die mens se regte en voorregte en daarom mag daar by hom 'n behoefte bestaan om meer spesifiek te weet wat sy verbruikersregte is.

Die slotsom waartoe geraak is, is dat verbruikersregte 'n besliste rol kan speel in 'n georganiseerde lewensopvoedingsprogram. Gevolglik ontstaan die vraag of die jeugdige verbruiker sy verbruikersregte ken of nie. Dit moet aan die hand van een of meer vrae gekontroleer word. (Kyk vrae 3.1.3, 3.1.4, 5.8)

- * Indien die bestaande lewensopvoedingsprogram nie ruimte laat vir verbruikersopvoeding nie, is die vraag of die lewensopvoedingsprogram nie daarin behoort te voorsien nie. (Kyk vraag 5.5)
- * Die huidige lewensopvoedingsprogram op sekondêre vlak berei s t 7-leerlinge nie voldoende voor met betrekking tot verbruikersopvoeding nie. Op grond van die feit dat kinders dikwels keuses moet maak, met betrekking tot verbruikerswese, is dit dikwels onrealisties omdat daar nie rekening gehou word met die kind se vermoë en belangstelling as verbruiker nie.
Na aanleiding hiervan ontstaan die vraag of 'n goed georganiseerde lewensopvoedingsprogram met verbruikersopvoeding as komponent daarvan, nie in hierdie behoefte sal voorsien nie. (Kyk vraag 5.7)
- * Uit die literatuurstudie blyk dit dat die jeugdige verbruiker nie weet hoe en waar om te kla wanneer hy probleme ervaar nie. Dit sal deur een of meer vrae in die vraeboek gekontroleer word.
(Kyk vrae 4.3, 4.4, 4.5, 4.8)
- * In hoofstuk 2 word baie klem gelê op die fisiologiese sowel as die psigologiese behoeftes van die kind.
(Kyk par 2.2.3 - 2.2.4.4). Hierdie twee aspekte aksentueer die behoefte aan verbruikersopvoeding. Dit is egter nie duidelik wat gedoen word ten opsigte van verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding nie.

In die vraeboog sal met een of meer vrae vasgestel word of hierdie aspekte aangespreek word al dan nie. (Kyk vrae 3.1.5, 4.1, 4.2, 4.6, 4.7)

- * Die probleem in verband met die noodsaaklikheid van verbruikersopvoeding as komponent van die lewensopvoedingsprogram en op watter vlak leerlinge hierby betrek behoort te word, beklemtoon ook 'n verdere aspek, naamlik wie die aanbieders behoort te wees. (Kyk vrae 5.1, 5.2)
- * So ver vasgestel kan word, is daar nie amptelik voorsiening gemaak vir periodes oor verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding, in die st 7-lewensopvoedingsprogram nie. In die vraeboog sal met een of meer vrae vasgestel word hoeveel tyd aan verbruikersopvoeding bestee word. (Kyk vraag 5.6)
- * In die voorafgaande beredenering is daar oor die behoefte aan verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding besin. Die vraag wat daaruit voortspuit, is of die leerlinge self 'n behoefte hiervoor ervaar. (Kyk vrae 5.3, 5.4)

Die vraeboog sal ontwerp word volgens die kriteria vir die konstruksie van 'n vraeboog (kyk par 4.3.2) en aangesien rekenaarverwerkings gebruik gaan word, sal dit ontwerp word om te voldoen aan die vereistes wat gestel word deur die Departement Rekenaardienste van die PU vir CHO.

Die voltooide vraeboë is gesorteer en gekontroleer vir foute en onvolledig voltooide vraeboë. Die nodige regstellings is gedoen ten opsigte van die kodering. 'n Totaal van 909 (98,3%) bruikbare vraeboë is ontvang vir die empiriese verwerking van die data.

Altesaam 15 (1,7%) van die vraeboë is nie geskik vir verwerking van die gegewens nie en wel om die volgende redes:

- * half en redelik onvolledig voltooide vraeboë;
- * verkeerdelik voltooide vraeboë en
- * 'n vaste patroon waarop response ingevul is.

Vraeboë waarvan enkele vrae nie volledig beantwoord is nie, is wel as bruikbaar beskou en derhalwe ingesluit vir verwerking. Onbruikbare of erg onvolledige vraeboë is vir die empiriese verwerking buite rekening gelaat.

4.4.1 PONSWERK EN VERWERKING VAN DIE VERKREË DATA

Nadat die vraeboë voltooi en opgeneem is, is dit gekontroleer vir foutiewe en inkonsekwente beantwoording. Die gegewens van die vraeboë is vervolgens by die rekenaarsentrum van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO gepons. Die korrektheid is weereens gekontroleer en die rekenaarverwerking van die verkreë data is gedoen.

Die data is deur die rekenaarprogram verwerk en in die frekwensie tabelle getabuleer soos in hoofstuk 5 weergegee is.

4.4.2 Loodsondersoek en die samestelling van die voorlopige vraeboog

Die vraeboog is in Afrikaans en Engels opgestel om aan te pas by die taalgroepe van die respondente. Die samestelling van 'n vraeboog is 'n integrale deel van die navorsing en dit is wenslik om 'n deeglike loodsstudie op 'n klein aantal proefpersone te onderneem alvorens die vraeboog op die proefpersone toegepas word. Na 'n loodsstudie kan die vraeboog geredigeer word deur onduidelike en dubbelsinnige items uit te skakel. Hierna kan die finale vraeboog opgestel word (Kyk Bylae A en B).

'n Eerste loodsondersoek is gedurende November 1993 en 'n tweede gedurende April 1994 uitgevoer. Hierdie data is nie verwerk vir die interpretasie van die navorsingsgegewens van hierdie ondersoek nie.

'n Loodsondersoek is gedoen om swak bewoorde, onduidelike en irrelevante vrae uit te skakel.

Die uitkoms van die proeflopies is opgevolg en in berekening gebring vir die samestelling van die finale vraeboek.

4.4.3 Inhoud

Die vraeboek moet vergesel word van 'n begeleidende brief en geadresseerde koevert. Die ondersoeker moet kontroleer of al die bladsye van die vraeboek in die regte volgorde is en of die vraeboek volledig is (Kyk Bylae A en B).

In hierdie ondersoek het die navorser persoonlik self die skole besoek en in samewerking met die opvoedkundige leidingsbeampte, die vraeboek aangebied tydens periodes van die lewensopvoedingsprogram. Die leerlinge is vooraf ingelig oor die doel van die navorsing en moontlike onduidelikhede en misverstande oor die begrip "verbruikersopvoeding", is uit die weg geruim.

4.4.4 Verspreiding

Amptelike toestemming is by die verskillende skoolhoofde verkry. Die model C-skole het tans 'n eie reëling ten opsigte van persone of instansies wat leerlinge toespreek of inlig. In die verband is die departementshoof van die opvoedkundige leidingsdepartement telefonies gekontak en reëlings getref.

Die navorser het self elke skool besoek en die doel van die navorsing aan die leerlinge verduidelik. So is die maksimale benutting van die verspreide vraeboë aangewend in die navorsing.

4.4.5 Terugontvangste

In hierdie studie is 98,3% van die vraeboë terug ontvang. Die navorser was self teenwoordig tydens die verspreiding en ontvangs van die vraeboë by die verskillende skole.

Vanweë die heersende politieke situasie in Swart skole in sekere woongebiede, was die opkoms nie soos verwag is nie en het hierdie probleem beslis 'n invloed uitgeoefen op die deelname van leerlinge in die betrokke Swart skole.

4.5 DIE POPULASIE EN KEUSE VAN RESPONDENTE

Die doel van hierdie ondersoek is om empiries vas te stel wat die stand van verbruikersopvoeding vir st 7-leerlinge in sekondêre skole in die PWV-streek is en indien daar 'n behoefte voor bestaan, voorstelle te maak vir 'n verbruikersopvoedingsprogram. Daar is besluit om sekondêre skole in die Pretoria-Sentrale Metropolitaanse substreek te betrek, en wel om die volgende oorwegings:

- * Hul geografiese ligging en verspreiding kan 'n verteenwoordigende groep vorm.
- * Omdat van die veronderstelling uitgegaan is dat die ondersoek vir skole belangrik is en hulle sou bydra tot die suksesvolle uitvoering daarvan.
- * Die st 7-leerling juis voor baie keuses te staan kom en die inligting baie nodig is vir die ondersoek.

Die ideaal sou wees om alle st 6- tot st 10-leerlinge in alle hoërskole in Suid-Afrika by die ondersoek te betrek, maar omdat dit sekere praktiese en ekonomiese probleme sou meebring, is die probleem van die aantal proefpersone wat in die ondersoek betrek moet word met konsultante van die Statistiese Konsultasiediens van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër

Onderwys bespreek. Daarop is besluit om 'n verteenwoordigende steekproef van die populasie te trek.

Aangesien daar besondere aandag geskenk moet word aan maatreëls om te verseker dat die steekproef wel verteenwoordigend sal wees, is daar oorweging geskenk aan 'n gestratifiseerde ewekansige steekproefmetode (De Wet et al., 1981:116-117).

Studiepopulasie

Alle st 6- tot st 10-leerlinge van die sekondêre skole in Pretoria en omgewing is as studiepopulasie oorweeg. In hierdie studie is die st 7-leerlinge van sestien (16) Afrikaans- en Engelsmedium skole betrek. Die doelpopulasie uit die verskillende bevolkingsgroepe is soos volg saamgestel:

Aantal st 7-leerlinge per bevolkingsgroep:

Blank	7 600
Kleurling	516
Indiër	346
Swart	<u>9 789</u>
Groototaal	<u>18 251</u>

Vir die bepaling van die steekproef is die formule vir steekproefgrootte gebruik om 'n aanduiding te kry van die aantal leerlinge wat uit elke bevolkingsgroep gekies moet word PU vir CHO, 1991:9-20).

$$n \geq \frac{1 + \frac{N}{10\,000}}{1 + \frac{(N-1)}{10\,000}}$$

4.5.1 Metode van steekproefneming

Verskillende metodes van steekproefneming beantwoord in 'n mindere of 'n meerdere mate aan die doel van die empiriese ondersoek, maar gemeet aan die kriterium van geldigheid en objektiwiteit en op grond van sekere oorwegings is besluit om van 'n gestratifiseerde ewekansige steekproefmetode gebruik te maak.

4.5.2 Ewekansige steekproefneming

Hier is dit belangrik om te weet dat daar drie stappe volg in ewekansige steekproefneming (De Wet et al., 1981:113):

- * die definiëring van die bereikbare populasie (al die st 6- tot st 10-leerlinge in Suid-Afrika);
- * 'n lys van al die lede van die bereikbare populasie. Die st 7-leerlinge in die Pretoria-Sentraal Metropolitaanse streek;
- * die keuse van die proefpersone deur middel van die ewekansigheid. (St 7-leerlinge van skole wat op 'n ewekansige wyse gekies is).

4.5.3 Bepaling van steekproefgrootte

Die grootte van die steekproef is belangrik want hoe groter die steekproef hoe akkurater is die skatting van die gemiddelde van die populasie. Dit is ook belangrik dat die steekproef so groot moontlik moet wees om te verseker dat betroubare en geldige gevolgtrekkings gemaak kan word (De Wet et al., 1981:117). Met koste, tyd en grootte in ag geneem, is daar besluit om slegs die skole uit die agt streke soos beskryf, te betrek by die navor-sing. In hierdie ondersoek sal die st 7-leerlinge van 16 skole dus betrek word.

Daar is van 'n gestratifiseerde 2-stadium trosssteekproef gebruik gemaak. Die 16 skole en 25 klasse is ewekansig gekies en 'n totale klas is telkens by die ondersoek betrek.

<u>Streek</u>	<u>Aantal skole en klasse</u>	Aantal/ Ras
		<u>leerlinge</u>
Pretoria-Sent	3 skole met 5 st 7-klasse	174 Blank
Atteridgeville	1 skool met 1 st 7-klas	13 Swart
Mamelodi	4 skole met 4 st 7-klasse	83 Swart
Laudium	2 skole met 4 st 7-klasse	188 Indiërs
Eersterus	2 skole met 4 st 7-klasse	230 Kleurlinge
Roodeplaat	1 skool met 2 st 7-klasse	92 Blank
Akasia	1 skool met 3 st 7-klasse	100 Blank
Soshanguve	<u>2 skole met 2 st 7-klasse</u>	<u>44 Swart</u>
Groottotaal	<u>16 skole met 25 klasse</u>	<u>924 leerlinge</u>

Terugvoer

Daar is gepoog om 'n verteenwoordigende steekproef te trek maar weens omstandighede in die Swart skole, was die terugvoering van die groep nie soos aanvanklik beplan is nie. Daar kan dus wat Swart skole aanbetref nie veralgemeen word in hierdie ondersoek nie.

4.5.4 Stratifisering ten opsigte van taalmedium

Uit die amptelike adreslyste van sekondêre skole van die verskillende onderwysdepartemente blyk dit duidelik dat daar 'n definitiewe onderskeid gemaak kan word tussen Afrikaansmedium en Engelsmedium skole. Sekondêre skole in die Pretoria-omgewing besit duidelike waarneembare subgroepe of strata wat onderling verskil in belangrike kenmerke wat vir die navorsing ter sake is, naamlik Afrikaansmedium en Engelsmediumskole.

In hierdie navorsing is daar dus gebruik gemaak van Afrikaans-sowel as Engelsmedium-skoliere.

4.5.5 Omskrywing van die metropolitaanse gebied

'n Metropolitaanse gebied word in die algemeen omskryf as 'n stedelike kompleks wat bestaan uit aangrensende of nabygeleë gebiede wat stedelik van aard is en wat ekonomies en maatskaplik aanmekeer gekoppel is. Meer as 80% van die bevolking is hier gekonsentreer (Departement van Statistiek, RGN, Pretoria). Die beskrywing van die gebied wat in hierdie studie gebruik is, volg hierna (SSD, 1994):

* Sentrale metropolitaanse sub-struktuur

Pretoria
 Atteridgeville
 Mamelodi
 Laudium
 Eersterus
 Roodeplaat

* Noordelike Metropolitaanse sub-struktuur

Akasia
 Soshanguve

4.5.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die oorwegings wat by die navorsingsontwerp en die veldwerk van hierdie navorsing gegeld het, bespreek. Daar is ook gelet op die rasionaal vir die empiriese ondersoek soos dit in hoofstuk I se doelstellings uiteengesit is. Die verwerking en interpretasie van die verkreeë data word in die volgende hoofstuk weergegee.

HOOFSTUK 5

RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

5.1 INLEIDING

Waar daar in hoofstuk 4 gepoog is om die agtergrond van die empiriese ondersoek te skets en ook aangedui is waarom hierdie ondersoek handel, sal daar in hierdie hoofstuk hoofsaaklik aandag gegee word aan die werkswyse wat gevolg is by die verwerking en die interpretasie van die data.

5.2 STATISTIESE VERWERKING VAN DIE DATA

Die SAS-rekenaarprogram, voorsien deur die Statistiese Konsultasiediens van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, is vir die verwerking van die data gebruik. Die data is in frekwensietabelle weergegee.

T-toetse is gebruik om te let op statisties betekenisvolle verskille tussen geslagte. Effekgroottes is bereken om te toets of hierdie verskille ook prakties betekenisvol is.

Vervolgens word die gegewens soos uit die vraeboë verkry, bespreek.

5.3 INTERPRETASIE VAN DIE EMPIRIESE GEGEWENS IN EENRIGTING-FREKWENSIETABELLE

5.3.1 Samestelling van die ondersoekgroep volgens ouderdom en geslag

Tabel 5.1 Vraag 1.1 en 1.2

Geslag	Ouderdom	Frekwensie	Persentasie
Seuns	16 jaar en jonger	327	36,13
	17 jaar en ouer	446	49,28
Meisies	16 jaar en jonger	77	8,51
	17 jaar en ouer	55	6,08

Uit tabel 5.1 blyk dit dat 773 seuns en 132 meisies aan die ondersoek deelgeneem het.

Dit is belangrik om daarmee rekening te hou dat seuns en meisies van hierdie ouderdom juis vanweë hul besondere lewensbehoefte, bv. fisiese behoeftes, van mekaar verskil. Dit sal ook manifesteer in hul verbruikersgedrag.

5.3.2 Etniese samestelling van die respondente

Tabel 5.2 Vraag 1.4

Ras	Frekwensie	Persentasie
Blank	366	39,6
Kleurling	231	25,0
Indiër	188	20,3
Swart	139	15,1
TOTAAL	924	100

Volgens die gegewens in tabel 5.2 is die verskillende rasse-groepe wat deelgeneem het, as volg saamgestel: Blankes 39,6%, Kleurlinge 25%, Indiërs 20,3% en Swartes 15,1%. Die rede vir die klein verteenwoordiging van Swart leerlinge kan toegeskryf word aan die omstandighede wat in die Swart woongebiede geheers het tydens die navorsing. Hierdie tabel toon die belangrikheid dat geen onderskeid met ras gemaak word nie vanweë die eenvormigheid van verbruikerswese.

5.3.3 Medium van onderrig van die respondente

Tabel 5.3 Vraag 1.3

Taal	Frekwensie	Persentasie
Afrikaans	589	64,2
Engels	306	33,4

Volgens tabel 5.3 kom dit voor dat daar slegs twee hoofmediums van onderrig in die skole van die respondente was. 64,2% was respondente van Afrikaanse sekondêre skole en 33,48% was respondente van Engels sekondêre skole. Die vraeboek is slegs in hierdie twee tale beskikbaar gestel aan respondente. Die samewerking met die voltooiing en terugontvangs van die vraeboek in die Afrikaansmediumgroep was bevredigend. Dieselfde kan nie van die Swart Engelsmediumskole gesê word nie. Die verklaring hiervoor spreek uit die toestande wat tydens die navorsing in Swart woongebiede geheers het.

5.3.4 Die gemiddelde aantal gesinslede van die respondente

Tabel 5.4 Vraag 1.6

Aantal lede	Frekwensie	Persentasie
1 - 6	754	82,9
7 +	146	17,1

Volgens die gegewens in tabel 5.4 kom dit voor dat 82,9% van die respondente deel is van gesinne met 1 - 6 lede, en 17,1% deel is van gesinne met 7 + lede. Dit blyk dat die grootste persentasie jong verbruikers dus huisgesinne verteenwoordig met 1 - 6 lede wat 'n aanduiding is van hoeveel ander verbruikers ook in die gesin verteenwoordig word.

Indien vasgestel kan word wat dié leerlinge se behoeftes aan verbruikersopvoeding is en hulle hierin opgevoed word, kan hulle dit met hul ouers en ander gesinslede deel.

5.3.5 Hoeveelheid sakgeld wat leerlinge kry

Tabel 5.5 Vraag 2.2

Bedrag sakgeld	Frekwensie	Persentasie
Minder as R20	171	22,7
R 21 - R 30	213	28,3
R 31 - R 40	76	10,1
R 41 - R 50	104	13,8
Meer as R50	188	25,0

Tabel 5.5 toon dat 22,7% leerlinge minder as R20 p. m. sakgeld kry; 28,3% tussen R21 - R30 p. m.; 10,1% het aangedui dat hulle R31 -R40 p. m. kry. Verder kry 13,8% van die leerlinge R41 - R50 p. m. en 25% het aangedui dat hulle meer as R50 p. m. kry. Hieruit is dit nodig om daarop te let dat die junior verbruikers uit die respondentegroep, soos uit hierdie ondersoek blyk, wel sakgeld kry wat hy self verbruik en bestee. Dit maak hulle deel van die ekonomiese stelsel. 'n Ingeligte junior verbruiker kan dus beter besluite neem en minder verbruikersprobleme ervaar. Verbruikersopvoeding het gewis 'n rol te speel om leerlinge op groter selfstandigheid en verantwoordelikheid voor te berei.

5.3.6 Vertroudheid van leerlinge met sekere basiese verbruikersterme en -begrippe

Die vertroudheid met begrippe soos "verbruikersbeskerming" en "verbruikersregte" is baie belangrik vir elke verbruiker, daarom behoort die jong verbruiker reeds op skoolvlak hiermee vertrouwd gemaak te word. Die inligting en betekenis van hierdie begrippe sal veral vir die jong verbruiker tot groot voordeel strek om kundige besluite te kan neem.

Tabel 5.6 Vrae 3.1.1, 3.1.3, 3.1.4

Begrip	Mate van vertroudheid met begrip	Frekwensie	Persentasie
Basiese behoeftes van verbruikers	Weet nie wat die term/begrip beteken nie	163	18,4
	Het al van die begrip/term gehoor/gelees maar betekenis daarvan nog nooit aan my verduidelik	219	24,7
	Het 'n vae begrip wat konsep/term beteken	239	26,9
	Heeltemal vertrouwd met begrip/term en weet wat dit beteken	267	30,1
Verbruikersregte	Weet nie wat die term/begrip beteken nie	129	14,6
	Het al van die begrip/term gehoor/gelees maar betekenis daarvan nog nooit aan my verduidelik	204	23,1
	Het 'n vae begrip wat konsep/term beteken	263	29,8
	Heeltemal vertrouwd met begrip/term en weet wat dit beteken	286	32,4

Tabel 5.6 (vervolg) Vrae 3.1.1, 3.1.3, 3.1.4

Begrip	Mate van vertroudheid met begrip	Frekwensie	Persentasie
Verbruikersbeskerming	Weet nie wat die term/begrip beteken nie	193	22,2
	Het al van die begrip/term gehoor/gelees maar betekenis daarvan nog nooit aan my verduidelik	237	27,2
	Het 'n vae begrip wat konsep/term beteken	252	28,9
	Heeltemal vertrouwd met begrip/term en weet wat dit beteken	189	21,7

Op grond van die gegewens in tabel 5.6 kan die afleiding gemaak word dat 26,9% van die leerlinge 'n vae begrip het van die konsep "basiese behoeftes van die verbruiker"; 30% het aangedui dat hulle heeltemal vertrouwd is met die term. Oor die begrip "verbruikersregte" het 14,6% aangedui dat hulle nie weet wat dit beteken nie en 29,8% dat hulle 'n vae begrip het van die term. Oor die mate van vertroudheid met die begrip "verbruikersbeskerming" het 22,2% aangedui dat hulle nie weet wat die begrip beteken nie en 21,7% dat hulle heeltemal vertrouwd is daarmee.

Sonder kennis en begrip van dié terme is die jong verbruiker altyd 'n teiken vir uitbuiting. Die tabel weerspieël hoe groot die behoefte aan kennis van verbruikersbegrippe is.

5.3.7 Stand van verbruikersopvoeding in die sekondêre skool

Tabel 5.7 Vrae 5.1 en 5.2

Mate van verbruikers- opvoeding ontvang	Frekwensie	Persentasie
Getal leerlinge wel ingelig oor Verbruikers- raad	387	42,1
Getal leerlinge nie ingelig nie	533	57,9
Getal leerlinge ge- durende st 7-jaar in- gelig oor verbruikers- sake	344	37,9
Getal leerlinge nie ingelig nie	564	62,1

Volgens tabel 5.7 het 387 (42,1%) van die st 7-leerlinge aangedui dat hulle wel op skool ingelig is oor die Verbruikersraad se aktiwiteite en 564 (62,1%) dat hulle nie hieroor ingelig is nie. Die reg tot verbruikersopvoeding behoort vir almal toeganklik te wees.

5.4 INTERPRETASIE VAN DIE EMPIRIESE GEGEWENS IN TWEERIGTINGGE- BEURLIKHEIDSTABELLE

5.4.1 Behoeftte aan meer inligting oor verbruikerswese en -regte soos weergegee deur deelnemende respondente

Tabel 5.8 Vrae 5.3 en 5.8

Behoeftte aan verbruikersopvoeding	Ras	Frekwensie	Persentasie
Ja	Blank	293	80,0
	Indiër	163	86,7
	Kleur1	212	91,7
	Swart	134	96,4

Tabel 5.8(vervolg) Vrae 5.3 en 5.8

Behoeftte aan verbruikersopvoeding	Ras	Frekwensie	Persentasie
Nee	Blank	71	19,4
	Indiër	24	12,8
	Kleur1	14	6,1
	Swart	3	2,2
Behoeftte aan verbruikersregte	Ras	Frekwensie	Persentasie
Ja	Blank	294	80,3
	Indiër	127	67,6
	Kleur1	183	86,3
	Swart	134	96,4
Nee	Blank	67	18,3
	Indiër	57	35,0
	Kleur1	42	18,2
	Swart	-	-

Die inligting van tabel 5.8 toon dat 293 (80%) blanke leerlinge bevestig het dat hulle 'n behoefte het aan verbruikersopvoeding op skool. So het 163 (87%) Indiërleerlinge, 212 (93%) Kleurlinge en 134 (100%) Swart leerlinge ook aangedui dat hulle 'n behoefte hieraan het.

Ten opsigte van die behoefte aan opvoeding oor verbruikersregte was die respons:

294 (81%) Blanke, 127 (69%) Indiër-, 183 (81%) Kleurling- en 134 (100%) Swart leerlinge was ten gunste van verbruikersopvoeding oor die regte van die verbruiker.

5.4.2 Ligging van die skool teenoor die behoefte-ervaring van leerlinge tov die onderrig in verbruikersopvoeding

Tabel 5.9 Vrae 1.4 en 5.2

Het geen verbruikersopvoeding gedurende hierdie jaar ontvang nie		
Ligging van skool	Frekwensie	Persentasie
Pretoria-Sentraal	86	48,3
Atteridgeville	10	83,3
Mamelodi	81	97,5
Laudium	124	67,3
Eersterust	120	55,5
Roodeplaat	40	43,9
Akasia	55	57,8
Soshanguve	43	100

Die gebrek aan verbruikersopvoeding in die verskillende skole word deur die gegewens in tabel 5.9 geïllustreer. Dit blyk uit die gegewens dat 97,5% van die Swart leerlinge geen verbruikersopvoeding ontvang het nie. By die Indiërleerlinge het 67,3% aangedui dat hulle geen verbruikersopvoeding ontvang het nie. By die blanke leerlinge is bereken dat slegs 50% 'n mate van verbruikersopvoeding ontvang het.

5.4.3 Mate van besluitneming deur verbruiker self en die mate waarin verbruikersprobleme ervaar word

Tabel 5.10 Vrae 4.1 en 4.4

Mate van besluitneming	Mate van probleem-ervaring							
	Altyd		Soms		Selde		Nooit	
	Frek	%	Frek	%	Frek	%	Frek	%
Altyd	45	8,3	225	41,8	201	37,3	67	12,4
Soms	14	4,5	129	42,0	118	38,6	44	14,4
Selde (amper nooit)	4	10,0	11	27,5	13	32,5	12	30,0
Nooit	2	11,7	3	17,6	7	41,1	5	29,4

Volgens tabel 5.10 kan afgelei word dat 45 (8,3%) van die verbruikers wat altyd self besluite neem altyd probleme ervaar; 225 (41,8%) ervaar soms probleme en 67 (12,4%) ervaar nooit probleme nie.

5.4.4 Mate van begrip van verbruikersregte en voorkoms van verbruikersklagtes oor diens

Tabel 5.11 Vrae 3.1.3 en 4.5

Mate van begrip van term/konsep: Verbruikersregte	Hoe dikwels kla verbruikers oor diens							
	Altyd		Soms		Selde		Nooit	
	Frek	%	Frek	%	Frek	%	Frek	%
Weet nie wat term/konsep beteken nie	26	20,3	42	32,8	47	36,7	13	10,1
Het al van term gehoor/gelees maar betekenis is nie aan my verduidelik	46	22,7	86	42,5	48	23,76	22	10,89
Het 'n vae begrip van wat term beteken	28	10,6	92	35,1	115	43,8	27	10,3
Is heeltemal vertroud met term	33	11,7	98	34,7	121	42,9	30	10,6

Na aanleiding van die gegewens in tabel 5.11 blyk dit dat 26 (20,3%) van die verbruikers wat nie met die begrip "verbruikersregte" vertroud is nie, altyd klagtes het oor swak diens, 42 (32,8%) soms klagtes, 47 (36,7%) selde klagtes en 13 (10,1%) nooit klagtes het nie. Die verbruikers wat beweer hulle is heeltemal vertroud met die term "verbruikersregte" het verder sò gerapporteer:

33 (11,7%) kla altyd oor swak diens,
 98 (34,7%) kla soms oor swak diens,
 121 (42,9%) kla selde oor swak diens,
 30 (10,6%) kla nooit oor swak diens nie.

Die gegewens in tabel 5.11 weerspieël die belangrikheid van opvoeding oor die begrip om te verseker dat verbruikers sal weet waar en wanneer om te kla oor swak diens.

'n Oningeligte verbruiker sal altyd 'n behoefte aan verbruikerskundigheid ervaar. Om hierdie probleem te bowe te kom, moet alle verbruikers van jongs af ingelig word oor hul regte en die betekenis daarvan. Hier is die basiese "reg tot verbruikersopvoeding" die vertrekpunt.

5.5 T-toetse

5.5.1 Praktiese betekenisvolheid van t-toetse

Wanneer dit in statistiese inferensie gaan om die vergelyking van gemiddeldes van twee groepe is dit nodig om die kriterium van betekenisvolheid te stel. Statisties betekenisvolle verskille tussen twee groepe se gemiddeldes beteken nie noodwendig dat dit opvoedkundig betekenisvol is nie; dit moet eers teen 'n kriterium van praktiese betekenis geëvalueer word (Cohen en Manion, 1980:25-27).

Die volgende formule is toegepas:

$$\text{effekgrootte} = d = (x_1 - x_2) / s$$

$$d = \text{effekgrootte}$$

$$x_1 = \text{gemiddeld van groep 1 (eksperimentele groep, volle populasie)}$$

$$x_2 = \text{gemiddeld van groep 2 (kontrolegroep)}$$

$$s = \text{standaardafwyking van kontrolegroep}$$

Die teken > en < word deurgaans in hierdie hoofstuk gebruik -
 < = kleiner as; > = groter as

5.5.2 Die vergelyking van seuns en meisies aangaande hul ingeligtheid oor die Verbruikersraad se aktiwiteite

Die p-waarde en effekgroottes word in die volgende tabelle weergegee:

Tabel 5.12 Vraag 5.1

Faktor	N	Gemiddeld	Std afwyking	t-waarde	p-waarde	d-waarde
Seuns	401	1.64	0.48	3.30	0.001	3.36
Meisies	500	1.53	0.50			

$$d = (x_1 - x_2) / s$$

$$d = \text{effekgrootte} = 3.36 \text{ (gemiddeld)}$$

$$P < 0.05$$

Die effek soos blyk uit tabel 5.12 is gemiddeld. Hoewel dit statisties betekenisvol is, is dit nie prakties betekenisvol nie. Dit kan afgelei word dat die leerlinge se geslag nie ingeligtheid oor verbruikerswese beïnvloed nie. Seuns sowel as meisies het aangedui tot watter mate hulle oor die Verbruikersraad se aktiwiteite ingelig is.

5.5.3 Die verskil tussen seuns en meisies se begrip van verbruikersregte

Tabel 5.13 Vraag 3.1.3

Faktor	N	Gemiddeld	Std afwyking	t-waarde	p-waarde	d-waarde
Seuns	388	2.78	1.09	2.37	0.01	0.15
Meisies	482	2.61	1.07			

$$d = (x_1 - x_2) / s$$

$$d = \text{effekgrootte} = 0.15 \text{ (klein)}$$

$$P < 0.05$$

Uit tabel 5.13 kan afgelei word dat geslag nie 'n statisties of opvoedkundig betekenisvolle invloed op die mate van begrip van verbruikersregte van seuns en meisies het nie. Effekgrootte $d = 0.15$, is dus klein.

5.5.4 Die verskil tussen seuns en meisies en die mate van opvoeding wat oor verbruikersbehoeftes ontvang is

Tabel 5.14 Vraag 5.7

Faktor	N	Gemiddeld	Std afwyking	t-waarde	p-waarde	d-waarde
Seuns	398	1.67	0.48	1.92	0.05	0.12
Meisies	493	1.61	0.47			

$$d = (x_1 - x_2) / s$$

$$d = \text{effekgrootte} = 0.12 \text{ (klein)}$$

$$P < 0.05$$

Volgens die inligting in tabel 5.14 kan afgelei word dat geslag nie 'n statisties of opvoedkundig betekenisvolle invloed het aangaande verbruikerskennis oor verbruikersprobleme nie.

Die effekgrootte $d = 0.12$ is dus klein.

5.6 SAMEVATTING

Die empiriese gegewens wat uit die ondersoek gespruit het, is in hierdie hoofstuk uiteengesit en vertolk. Daar is veral gelet op die behoeftes van jong verbruikers aan verbruikersopvoeding in die sekondêre skool. Die ondersoek, teoretiese en empiriese gegewens word in hoofstuk 6 saamgevat. Sekere gevolgtrekkings en enkele aanbevelings word gemaak.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS6.1 INLEIDING

Verbruikersopvoeding is die reg van elke mens, ongeag ras, geloof, geslag of ouderdom. Dit geld dus ook vir die verbruiker op sekondêre skoolvlak, daarom was dit noodsaaklik om verbruikersopvoeding in die sekondêre skool in perspektief te plaas ten einde 'n beeld te vorm van die betekenis en noodsaaklikheid daarvan vir die jong verbruiker.

Om die behoefte aan verbruikersopvoeding op sekondêre skoolvlak te kon aanspreek, moes die saak eers in perspektief gestel word. Die tema is vanuit die literatuur bestudeer en empiriese gegewens is met behulp van die vraeboogmetode ondersoek. Nadat die samevatting van die literatuurstudie aangebied is, sal die gevolgtrekkings saamgevat word. Enkele aanbevelings sal in die lig hiervan gemaak word.

6.2 SAMEVATTING

In hoofstuk 1 is gepoog om te midde van die agtergrond en konteks van die probleem meer inligting te verstrek oor die plek en tyd waarin die hedendaagse jong verbruiker hom bevind. Die probleme wat die jong verbruiker ervaar en die kundigheid waaroor hy moet beskik, is werklikhede wat behandel word. Verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding kan bydra tot die heropbouing en totale opvoeding van die land, daarom is die doel van die studie juis om te bepaal wat die behoefte hieraan is. Daar is besluit om deur 'n empiriese studie te besin oor die noodsaaklikheid, doel en metode van die aanbieding van verbruikersopvoeding. Verder is besluit om met 'n vraeboog vas te stel wat die huidige stand en behoefte van verbruikersopvoeding in sekondêre skole is.

Basiese begrippe is nader toegelig en beskryf.

In hoofstuk 2 word die st 7-leerling se basiese behoeftes onder die loep geneem om die behoefte aan verbruikersopvoeding te bepaal. Daar word gekonsentreer op die verskillende behoeftes aan opvoeding wat juis die kind in hierdie ouderdomsgroep ervaar en sluit in: Die fisiologiese, psigologiese, kognitiewe en geestelike behoeftes.

Die eksterne aanslag op die jong verbruiker en die rol van verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding word beklemtoon.

Die aard, wese en doel van verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding word in hoofstuk 3 bespreek. Aanvanklik word gefokus op die ontwikkeling van verbruikersopvoeding in oorsese lande en in die RSA sonder om vergelykings te tref.

Die voorkoms en inhoud van bestaande verbruikersopvoedingsprogramme in die VSA, Nederland, België, Australië en Mauritius word aangehaal. Daar word ook gekyk na watter verbruikersopvoedingsprogramme in Afrika aangebied word. Die ondersoek na die Suid-Afrikaanse situasie word ook van nader ondersoek en bespreek.

Om te bepaal wat die wese van verbruikersopvoeding is, moes die noodsaaklikheid hiervan vanuit 'n opvoedkundige hoek benader word. Verbruikersopvoeding is lewensopvoeding waarin die kind in individuele of groepsverband gehelp word om sy vermoëns te ontdek. Vanuit 'n antropologiese beskouing is kennis geneem van die beginsel van vryheid en verantwoordelikheid van die mens as verbruiker.

Die opvoedkundige uitgangspunte van belang vir 'n verbruikersopvoedingsprogram is deeglik in oënskou geneem by die beplanning daarvan. Met die doel van verbruikersopvoeding is gekonsentreer

op wat die definisie inhou, nl: Verbruikersopvoeding is bedoel om kennis en vaardighede te bekom wat nodig is om met vertroue ingeligte keuses uit goedere en dienste te maak, in bewustheid van basiese verbruikersregte en verantwoordelikhede en hoe om daarvolgens op te tree.

Verbruikersopvoeding as komponent van die lewensopvoedingsprogram word van nader beskou. Aspekte wat direk relevant is, sluit die missie en doel van die opvoedingsprogram in daarom word die breë doelstellings en plek van verbruikersopvoeding in die lewensopvoedingsprogram in diepte bespreek.

Die volledige empiriese ondersoek word in hoofstuk 4 ontplooi. Die vraeboogmetode en keuse van die vrae vir hierdie ondersoek word bespreek met aspekte van belang soos konstruksie, betroubaarheid en geldigheid. Aandag is veral gegee aan die konstruksie van die vraeboog en tegniese versorging volgens voorskrif. Die voor- en nadele van die vraeboogmetode is bespreek en verslag word gedoen oor die verspreiding en terugontvangste van vraeboë.

Die empiriese ondersoek en die verloop daarvan word beskryf en alle aspekte van belang by hierdie ondersoek word breedvoerig aangehaal.

Daar is veral gelet op die studiepopulasie en metode van steekproefneming om aan te pas by die empiriese ondersoek. Die ewekansige steekproefneming in dié ondersoek word beskryf en die detail van die respondente word uiteengesit. 'n Omskrywing van die gebied waar die navorsing gedoen is asook die motivering en ontwerp van die vraeboog in hierdie navorsing word weergegee.

In hoofstuk 5 is die verwerking en vertolking van die empiriese navorsing gedoen. Verkreeë data is statisties verwerk en word in frekwensietabelle weergegee. T-toetse is gedoen en die praktiese betekenis hiervan is aangetoon. (Vgl. 5.4, 5.5, 5.6)

6.3 GEVOLGTREKKINGS

6.3.1 Gevolgtrekkings op grond van die literatuurstudie

In die proses van opvoeding van die kind is dit onvermydelik om kennis te dra van die kind se behoeftes. Dit is so dat die kind nie in isolasie kan ontwikkel nie, maar juis in kontak met sy medemens en omgewing. Sy afhanklikheid van ander is deel van hierdie interaksie. Die moderne samelewing stel ook enorme eise aan die jong verbruiker.

As verbruiker bevind die kind hom daagliks in situasies wat sy lewe direk of indirek raak. Die mate waarin hy dus probleme ervaar, kan weer toegeskryf word aan oorsake soos onkunde en gebrekkige vaardighede in dié verband. Verbruikersopvoeding is aanvullend tot lewensopvoeding en is doelgerig omdat dit kan bydra tot die totale vorming van die kind.

Dit wat die jeugdige verbruiker opgevoed maak, maak hom ook weerbaar.

Vanweë die behoeftes wat die kind ervaar, is tot die gevolgtrekking geraak dat 'n groot persentasie jong verbruikers probleme kan ervaar omrede hulle nie opgevoed is om kundige verbruikers te wees nie.

Uit die teoretiese studie het dit ook geblyk dat jong verbruikers 'n gebrek aan kennis en begrip het oor verbruikersake. Dit kan lei tot 'n probleem vir sowel die verbruiker as die sektor wat hom bedien. Die ondersoek het aan die lig gebring dat die skool opnuut sal moet besin oor die belangrikheid van verbruikersopvoeding op skool. Verder het die navorsing bewys dat die skool juis 'n teelaarde van kundige verbruikers met die nodige kennis en verantwoordelikheid is.

6.3.2 Gevolgtrekkings op grond van die empiriese ondersoek

Op grond van die ondersoek wat in hierdie studie uitgevoer is, kan die volgende algemene gevolgtrekkings in verband gebring word.

6.3.2.1 Algemene gevolgtrekkings

Tydens die navorsing is altesaam 924 vraeboë onder leerlinge van verskillende rasse uitgedeel. Persentasiegewys was die Swart leerlinge egter nie na verwagting verteenwoordig nie (slegs 15% van die 4 groepe wat verteenwoordig was – sien tabel 5.2). 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat onluste tydens die navorsingsperiode in hierdie gebiede geheers het en skoolbywoning in sommige Swart skole hierdeur geraak is.

6.3.2.2 Samestelling, ouderdom en geslag van die ondersoekgroep

Omdat die seuns en meisies as verbruikers van mekaar verskil vanweë hul behoeftes is gekyk na die samestelling van die respondentegroep (tabel 5.1). Die seuns het 'n totaal van 773 verteenwoordig en die meisies 132 (Kyk tabel 5.1). Dit was belangrik om albei geslagte te betrek vanweë die verskil in behoeftes. In tabel 5.8 het 90% van die leerlinge aangedui dat hulle wel 'n behoefte aan meer inligting oor verbruikerswese ervaar.

6.3.2.3 Behoefte van verbruikers en grootte van die gesinne wat verteenwoordig word

In die ondersoek is bevind dat 82,9% van die respondente gesinne met 1 – 6 lede verteenwoordig. 17,1% van die respondente verteenwoordig gesinne met 7 of meer lede – tabel 5.4. Hierdie leerlinge het ook aangedui hoeveel hulle van verbruikersterme (tabel 5.6) begryp. As daarop gelet word dat slegs 29,8% van die respondente aangedui het dat hulle 'n vae begrip het van verbruikersregte kan afgelei word dat die ander lede in hul gesinne

moontlik ook dieselfde behoefte aan kennis hiervoor ervaar.

6.3.2.4 Behoefte aan en stand van verbruikersopvoeding in skole

Hier volg 'n aanduiding van hoeveel leerlinge geen verbruikersopvoeding gedurende hul st 7-jaar ontvang het nie:

Pretoria-Sentraal 48%,	Atteridgeville 83%,
Mamelodi 98%,	Laudium 67%,
Eersterust 56%,	Roodeplaat 44%,
Akasia 58%	Soshanguve 100%

(Vgl tabel 5.9).

Hieruit kan afgelei word hoe groot die behoefte aan verbruikersopvoeding werklik is. Diegene wat aangedui het dat hulle wel verbruikersopvoeding ontvang het, moes motiveer waar hulle dit ontvang het. Hier is telkens verwys na die vakke Huishoudkunde en Ekonomie.

6.3.2.5 Beskikbaarheid van en bedrag sakgeld wat die respondente ontvang het

Uit die ondersoek het dit geblyk dat 81% van die respondente wel maandeliks sakgeld kry wat hulle self bestee. Verder het dit aan die lig gekom dat 23% van die respondente minder as R20 per maand ontvang en 25% het aangedui dat hulle R50 + per maand kry - tabel 5.5. Hieruit kan afgelei word dat junior verbruikers beslis bydra tot die verbruikersmark. Daar kan dus 'n verband bestaan tussen die probleme wat hulle soms ervaar as hulle aankope doen en die gebrek aan die nodige kennis om die regte besluite te kan neem wanneer hulle hierdie sakgeld bestee.

6.3.2.6 Die behoefte aan verbruikersregte en wat dit vir die jong verbruiker inhou

By die vraag of leerlinge ook verbruikersregte behoort te hê, was die respons:

87% van die blanke leerlinge was ten gunste hiervan,
 69% van die Indiër leerlinge was ten gunste hiervan,
 81% van die Kleurling leerlinge was ten gunste hiervan,
 100% van die Swart leerlinge was ten gunste hiervan.

Hierdie resultate kan betekenisvol aandui hoe kinders in hierdie ouderdom oor hul regte voel. Die behoefte om meer te weet van verbruikersregte spreek luid.

6.3.2.7 Mate van selfstandige besluitneming en probleemervaring

In hierdie ondersoek is bepaal of verbruikers wat self besluite neem oor aankope ook probleme in dié verband ervaar. Gegewens dui daarop dat 42% van die leerlinge wat vir hulle self besluite neem en keuses maak soms probleme ervaar. Dit spreek van die behoefte aan die nodige kennis en inligting om beter besluite te kan neem. Die opvoeding van verbruikers in hierdie konteks is dus noodsaaklik (Vgl tabel 5.10).

6.3.2.8 Mate van begrip van verbruikersregte en voorkoms van verbruikersklagtes oor diens

Uit die ondersoek het dit geblyk dat verbruikers nie goed genoeg ingelig is om te weet wanneer en waar om te kla oor swak diens nie. 42,9% kla selde oor swak diens terwyl 34,7% soms hieroor kla. As verbruikers weet dat hulle die reg het om te kla oor swak diens, sou hierdie ondersoek dit anders aangetoon het en daarom kan hierdie resultate betekenisvol aandui hoe die jong verbruiker hieroor voel (Vgl tabel 5.11).

6.3.2.9 Die verskil tussen seuns en meisies se ingeligtheid oor en begrip van verbruikersregte

Daar is gelet op ervarings in hierdie verband omdat seuns en meisies van mekaar verskil vanweë hul behoeftes as verbruikers. Die ondersoek het getoon dat daar wel by seuns en meisies 'n behoefte bestaan om op skool ingelig te word aangaande hul verbruikersregte. Daar kan nie onderskeid gemaak word in sover daar besluit moet word of slegs seuns of slegs meisies van hierdie ouderdomsgroep die voordeel van verbruikersopvoeding behoort te ontvang nie (Vgl tabelle 5.12, 5.13 en 5.14). Die behoefte is by albei geslagte aanwesig.

6.4 AANBEVELINGS

In hierdie ondersoek het tog inligting na vore gekom waarvan in onderwysgeledere kennis geneem behoort te word. Na aanleiding van die gevolgtrekkings soos vervat in 6.3.2 word die volgende aanbevelings gedoen:

* Implementering van 'n verbruikersopvoedingsprogram

Bewyse is gelewer dat verbruikers 'n basiese reg tot verbruikersopvoeding het. Hierdie reg behoort in die onderwys erken te word sodat 'n begin gemaak kan word met verbruikersopvoeding.

Uit die empiriese ondersoek wat vir hierdie studie onderneem is, het onder andere die volgende aspekte baie duidelik geblyk:

- * Dat leerlinge op sekondêre vlak beslis verbruikers is met behoeftes, insluitend die behoefte aan verbruikersopvoeding
- * Dat die jong verbruiker baie min of amper geen kennis van verbruikersregte dra nie

- * Dat slegs 'n beperkte aantal leerlinge verbruikersinligting deur middel van bepaalde vakke ontvang en 'n voordeel geniet bo diegene wat nie in hierdie vakke onderrig word nie
- * Dat geen formele aanbieding van verbruikersopvoeding in skoolverband bestaan nie
- * Dat skole en onderwysers min moeite doen om met die verbruikersorganisasies, soos die SA Koördinerende Verbruikersraad kontak te maak.

Navorsing in hierdie studie is onderneem met die doel om te bepaal wat die behoefte aan verbruikersopvoeding in sekondêre skole is, en wat die aard en wese van verbruikersopvoeding behoort te wees. Kortom, verbruikersopvoeding het te make met die oordrag van lewensbelangrike kennis en vaardighede waarmee elke jong verbruiker toegerus moet word om hom as volwaardige verbruiker in die samelewing te kan handhaaf.

Verbruikersopvoeding kan geïntegreer word in die lewensopvoedingsprogram omdat dit juis te make het met die verbruiker se hele bestaan. Dit is "lewensopvoeding".

Verbruikersopvoeding kan 'n bydrae lewer in die vervulling van sekere basiese behoeftes by leerlinge, byvoorbeeld die behoefte om 'n kundige verbruiker te kan wees wat sy verbruikersregte ken en verantwoordelik selfstandige besluite te kan neem.

Verbruikersopvoeding op sekondêre vlak sal positief kan bydra tot die vorming van landsburgers wat op hul beurt weer sinvol kan bydra tot die land se ekonomie.

6.5 SLOTOPMERKING

In hierdie navorsing is gepoog om vanuit 'n literatuurstudie wat uitgeloop het op empiriese navorsing die behoefte aan verbruikersopvoeding as komponent van lewensopvoeding te onderstreep en aanbevelings te maak vir die implementering daarvan.

Die hoop word uitgespreek dat daar met hierdie navorsing genoegsame bewyse vir die leerling se behoefte hieraan, gelewer is.

6.6 TEKORTKOMINGE VAN HIERDIE ONDERSOEK

Die studie se grootste tekortkoming lê in die feit dat die insigting wat verkry is uit die respondente van die Swart skole wat deelgeneem het, nie vir veralgemening gebruik kan word nie vanweë die swak respons.

6.7 AANBEVELING VIR VERDERE ONDERSOEK

- * Soortgelyke navorsing kan op 'n groter populasie oor die RSA gedoen word.
- * Navorsing oor die daarstelling van 'n kernleerplan in verbruikersopvoeding vir sekondêre leerlinge kan onderneem word.

6.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n kort samevatting van die studie gegee waarna tot sekere gevolgtrekkings gekom is. Sekere aanbevelings is ook gemaak.

BYLAE A

VERBRUIKERSWESE

Streng vertroulik

Vir kantoorgebruik

Vraelys nr

--	--	--	--

(1-4)

Algemene aanwysings

Met hierdie vraelys wil ons graag hê dat jy ons moet vertel van jou eie ervaring van en kennis oor verbruikerswese. Daar is geen regte of verkeerde antwoord nie. Jy kan dus nie goed of swak vaar in die vraelys nie. Wees daarom baie eerlik wanneer jy die vrae beantwoord. Omkring die regte syfer in die blokkie.

Vraag 1

1.1 Geslag

Manlik	1
Vroulik	2

(5)

1.2 Hoe oud is jy (slegs jare)

--	--

jaar

(6, 7)

1.3 Wat is jou huidige onderrigtaal in die skool?

	Suid Sotho	1
Sotho	Wes Sotho	2
	Noord Sotho	3
	Swazi	4
Nguni	Ndebele	5
	Xhosa	6
	Zulu	7
	Shangaan/Tsonga	8
	Venda/Lemla	9
	Afrikaans	10
	Engels	11

(8, 9)

1.4 Waar is jou skool geleë?

Pretoria Sentraal	1
Atteridgeville	2
Mamelodi	3
Laudium	4
Eersterus	5
Roodeplaat	6
Akasia	7
Soshanguve	8

(10)

1.5 Watter van die volgende lees-
stof lees jou ouers?

Koerant	1
Tydskrif	2
Boeke	3
Ander	4
Geen	5

(11)

(12)

(13)

(14)

(15)

1.6 Hoeveel lede is daar in
julle huisgesin?

--	--

(16,17)

Instruksies: Lees elke vraag of stelling baie deeglik. Beantwoord elke vraag deur die syfer in die blokkie te omkring.

Vraag 2

2.1 Ontvang jy sakgeld van jou ouers
of iemand anders?

Ja	1
Nee	2

(18)

2.2 Indien jou antwoord op 2.1 JA was,
dui asseblief aan hoeveel jy per
maand ontvang.

Minder as R20	1
R21 – R30	2
R31 – R40	3
R41 – R50	4
Meer as R50	5

(19)

2.3 Verdien jy geld deurdat jy iewers
werk verrig weg van die huis af bv.
deur koerante te verkoop of naweke
en vakansietye te werk.

Ja	1
Nee	2

(20)

2.4 Indien jou antwoord in 2.3 JA was dui asseblief aan hoeveel geld jy so per maand verdien.

Minder as R20	1
R21 – 30	2
R31 – R40	3
R41 – R50	4
Meer as R50	5

(21)

Vraag 3

Gebruik die volgende skaal om vraag 3.1 te kan beantwoord.

Ek weet nie wat die volgende begrip/term beteken nie = 1

Ek het al van die begrip/term gehoor of gelees maar die betekenis daarvan is nog nooit aan my verduidelik nie = 2

Ek het 'n vae begrip van wat die konsep/term beteken = 3

Ek is heeltemal vertrouwd met die begrip/term en weet wat dit beteken = 4

Voorbeeld: Indien jy nie weet wat die konsep/term "verbruiker" beteken nie, sal jou antwoord soos volg beantwoord word:

Verbruiker	1	2	3	4
------------	---	---	---	---

3.1 Dui asseblief aan wat u verstaan onder die volgende begrippe/terme

3.1.1 Basiese behoeftes van verbruikers

1	2	3	4
---	---	---	---

(22)

3.1.2 Verbruikerskeuses

1	2	3	4
---	---	---	---

(23)

3.1.3 Verbruikersregte

1	2	3	4
---	---	---	---

(24)

3.1.4 Verbruikers verantwoordelikheid

1	2	3	4
---	---	---	---

(25)

3.1.5 Verbruikersbeskerming

1	2	3	4
---	---	---	---

(26)

3.1.6 Verbruikers inligting

1	2	3	4
---	---	---	---

(27)

Vraag 4

4.1 Hoe dikwels besluit jy self wat jy wil aankoop met jou sakgeld?

Altyd	1
Soms	2
Selde (amper nooit)	3
Nooit	4

(28)

4.2 Hoe dikwels het jy in die verlede verkeerde besluite geneem wanneer jy iets gekoop het?

Altyd	1
Soms	2
Selde (amper nooit)	3
Nooit	4

(29)

4.3 Hoe dikwels bespreek julle verbruikersprobleme tuis?

Altyd	1
Soms	2
Selde (amper nooit)	3
Nooit	4

(30)

4.4 Hoe dikwels ondervind julle verbruikersprobleme tuis?

Altyd	1
Soms	2
Selde (amper nooit)	3
Nooit	4

(31)

4.5 Hoe dikwels moet jy kla oor swak goedere of dienste?

Altyd	1
Soms	2
Selde (amper nooit)	3
Nooit	4

(32)

4.6 Hoe dikwels ervaar jy dat jy nie waarde vir jou geld ontvang nie?

Altyd	1
Soms	2
Selde (amper nooit)	3
Nooit	4

(33)

4.7 Hoe dikwels het jy gevoel jy was mislei in die keuse wat jy as verbruiker gehad het, by die koop van goedere?

Altyd	1
Soms	2
Selde (amper nooit)	3
Nooit	4

(34)

4.8 Hoe dikwels het jy as verbruiker al gekla oor swak behandeling tydens die aankope van goedere?

Altyd	1
Soms	2
Selde (amper nooit)	3
Nooit	4

(35)

Vraag 5

5.1 Is jy al op skool ingelig oor die Verbruikersraad en sy aktiwiteite?

Ja	1
Nee	2

(36)

5.2 Het jy enige verbruikersopvoeding gedurende hierdie jaar in jou skool ontvang?

Ja	1
Nee	2

(37)

Indien jou antwoord JA was, sê kortliks wat en in watter vak: _____

- 5.3 Voel jy dat leerlinge van jou ouderdom meer oor verbruikerswese behoort te leer?

Ja	1
Nee	2

(38)

- 5.4 Sou jy persoonlik meer wou leer oor verbruikerswese?

Ja	1
Nee	2

(39)

- 5.5 Dink jy dat verbruikersopvoeding 'n bydrae kan maak om van jou 'n meer verantwoordelike verbruiker te maak?

Ja	1
Nee	2

(40)

- 5.6 Dink jy dat verbruikersopvoeding in die hoërskool aangebied moet word?

Ja	1
Nee	2

(41)

Indien jou antwoord JA was, sê kortliks waarom jy so sê:

5.7 Het jy enige verbruikersopvoeding ontvang
aangaande die behoeftes van verbruikers?

Ja	1
Nee	2

(42)

5.8 Dink jy dat kinders ook verbruikersregte
behoort te hê?

Ja	1
Nee	2

(43)

Indien jou antwoord JA was, sê kortliks waarom jy so sê:

BYLAË B

CONSUMERISM

Confidential

For office use

Questionnaire no (1-4)

--	--	--	--

General Instructions

In this questionnaire we would like you to tell us about your own experience and knowledge of consumerism. There are no right or wrong answers, therefore, you cannot do well or do badly. Nobody but you will know how to answer these questions, so please be very honest. Please encircle the appropriate digit.

Question 1

1.1 Sex

Male	1
Female	2

(5)

1.2 What is your age in years?

		years
--	--	-------

(6, 7)

1.3 What is your present instruction language at school?

Sotho	Southern Sotho	1
	Western Sotho	2
	Northern Sotho	3

Nguni	Swazi	4
	Ndebele	5
	Xhosa	6
	Zulu	7
Shangaan/Tsonga		8
Venda/Lemla		9
Afrikaans		10
English		11

(8, 9)

1.4 Where is your school located?

Pretoria Central	1
Atteridgeville	2
Mamelodi	3
Laudium	4
Eersterust	5
Roodeplaat	6
Akasia	7
Soshanguve	8

(10)

1.5 Which of the following do
your parents read?

Newspaper	1
Magazines	2
Books	3
Other	4
Nothing	5

(11)

(12)

(13)

(14)

(15)

1.6 How many members in your
household? (Total members)

--	--

(16,17)

Instructions: Read every question or statement very carefully. Decide which answer suits you best and mark it on the questionnaire by circling around the appropriate number.

Question 22.1 Do you receive pocket money from
your parents or somebody else?

Yes	1
No	2

(18)

2.2 If your reply to question 2.1 was
YES, give an indication of the
amount of pocket money you receive
for a month.

Less than R20	1
R21 - R30	2
R31 - R40	3
R41 - R50	4
More than R50	5

(19)

2.3 Do you earn an income for yourself
by working away from home, e.g by
selling or delivering newspapers,
working weekends and/or vacations.

Yes	1
No	2

(20)

2.4 If your reply to question 2.4 was YES, what is the amount of this income for a month?

Less than R20	1
R21 - 30	2
R31 - R40	3
R41 - R50	4
More than R50	5

(21)

Question 3

The following scale is applicable to question 3.1:

I do not know what the concept/term means = 1

I have heard the concept/term before or have read about it, but it was never explained to me = 2

I've got some idea what the concept/term means = 3

I understand the concept/term well = 4

Example: If you do not know what the concept/term consumer means, your answer must be filled in as follows:

Consumer	1	2	3	4
----------	---	---	---	---

3.1 Indicate to what extent do you understand the following concepts/terms

3.1.1 Basic needs of consumers

1	2	3	4
---	---	---	---

(22)

3.1.2 Consumer choices

1	2	3	4
---	---	---	---

(23)

3.1.3 Consumer rights

1	2	3	4
---	---	---	---

(24)

3.1.4 Consumer responsibility

1	2	3	4
---	---	---	---

(25)

3.1.5 Consumer protection

1	2	3	4
---	---	---	---

(26)

3.1.6 Consumer information

1	2	3	4
---	---	---	---

(27)

Question 4

4.1 How often do you decide on what you want to purchase with your pocket money?

Always	1
Sometimes	2
Seldom (almost never)	3
Never	4

(28)

4.2 How often in the past did you make the wrong decision when buying something?

Always	1
Sometimes	2
Seldom (almost never)	3
Never	4

(29)

4.3 How often do you discuss consumer problems at home?

Always	1
Sometimes	2
Seldom (almost never)	3
Never	4

(30)

4.4 How often do you experience consumer problems at home?

Always	1
Sometimes	2
Seldom (almost never)	3
Never	4

(31)

4.5 How often do you have to complain about bad services or goods?

Always	1
Sometimes	2
Seldom (almost never)	3
Never	4

(32)

4.6 How often do you experience that you did not get value for your money?

Always	1
Sometimes	2
Seldom (almost never)	3
Never	4

(33)

4.7 How often have you experienced that you have been misled in your choice as a consumer when purchasing goods?

Always	1
Sometimes	2
Seldom (almost never)	3
Never	4

(34)

4.8 How often have you complained about bad treatment as a consumer when buying something?

Always	1
Sometimes	2
Seldom (almost never)	3
Never	4

(35)

Question 5

5.1 Have you been informed about the Consumer Council and its functions at school?

Yes	1
No	2

(36)

5.2 Did you receive consumer education in school this year?

Yes	1
No	2

(37)

If your answer was yes, please motivate in which subject:

5.3 Do you think scholars of your age ought to learn more about consumerism?

Yes	1
No	2

(38)

5.4 Personally, would you like to learn more about consumerism?

Yes	1
No	2

(39)

5.5 Do you think consumer education could make you a more responsible consumer?

Yes	1
No	2

(40)

5.6 Do you think consumer education should be implemented at high school?

Yes	1
No	2

(41)

If your answer was yes, please motivate the reason for your answer.

5.7 Did you receive consumer education on the needs of consumers?

Yes	1
No	2

(42)

5.8 Do you think children should have consumer rights?

Yes	1
No	2

(43)

If your answer was Yes, please motivate.

BIBLIOGRAFIE

- ANASTASI, A. 1971. Psychological testing. London: Collier Macmillan.
- ARY, D., JACOBS, L.C. & RAYAWICH, A. 1972. Introduction to research in education. New York: Holt, Rinehardt & Winston.
- BAECHER, C., KATZOWITZ, L., LEVINE, C., SCHWARTZ, A. K., 1973. Preparing The Consumer Educator. New York: Consumers Union of United States Inc.86p
- BEHR, A.L. 1980. Psychology and the school: a textbook on the psychology of education. Durban: Butterworths.
- BENECKE, F.C. 1980. 'n Pedagogies-verantwoorde ontwerp van vraelyste vir die evaluering van beroepskeusekennis. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling M.Ed.).
- BORG, W.A. & GALL, M.D. 1983. Educational Research - an introduction. New York: Lingman.
- BREDENKAMP, P. H. 1990. Enkele perspektiewe op die onderwys vir die negentigerjare. Onderwysbulletin 34(2)
- BRITT, S.H. 1966. Consumer Behaviour and the Behaviour Sciences. New York: John Wiley & Sons.
- BROWN, F.G. 1976. Principles of educational and psychological testing. New York: HOLT RINEHART & WINSTON
- BYBEL, 1963. Die Bybel: Dit is die ganse Heilige Skrif wat al die Kanonieke Boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad, Johannesburg, Durban: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- COHEN, L. & MANION, L. 1980. Research Methods in Education. London: Croom Helm.

- DE LANDSHEERE, G. 1973. Algemene en vergelykende onderwyskunde. Antwerpen: Universitaire Pers.
- DEPARTMENT OF INTERNATIONAL ECONOMIC AND SOCIAL AFFAIRS. 1986 Guidelines for consumer protection. New York: Litho in United Nations
- DE WET, J.J.; MONTEITH, J.L. DE K.; STEYN, H.S. & VENTER, P.A. 1981. Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde. Durban: Butterworth.
- DU PLOOY, W.J. & FRASER, W.J. 1988. Kriteria vir standardebepaling en standaardhandhawing in opvoedkundige navorsing. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde, 8(4): 304-311.
- DU PREEZ, J. P. A. 1971. Ontwikkeling sielkunde. Pretoria: Van Schaik.
- FAZAL, A. & SINGH, B. 1991. Consumer education - a resource handbook. Malaysia: IOCU Regional Office for Asia and the Pacific.
- GAY, L.R. 1976. Educational Research: Competencies for analysis and application. Columbus Ohio: Charles E Merrill.
- GIBSON, R.L. & MITCHELL, H. 1981. Introduction to guidance. New York: Macmillan Publishing Co.
- HANSARD
Kyk Suid-Afrika, Volksraad
- HOFFMAN, P.J. & COLE, E.P. 1983. Bridging the gap between youth and community services: A life skills education program. Children Today, Vol 12, May/June 1983, p 17-22.
- HOPKINS, K.D. 1981. Educational Physiological measurements and evaluation. New Jersey: Prentice-Hall.

HOPSON, B. & SCALLY, M. 1981. Lifeskills teaching.
McGraw-Hill: London.

INTERNATIONAL ORGANISATION OF CONSUMER UNIONS 1992.
Consumer Education Theory, Practice and Developments.
The Hague.

IOCU

Kyk - International Organisation of Consumer Unions.

JHUGROO, Y. 1993. Un Million De Consummateurs: 2(2):1-4,
Sept.

JOUBERT, C. J. 1982. Algemene Skoolvoorligting. Isando:
McGraw-Hill.

KRITZINGER, N.S.B. (SCHOONEES, P.J. & CRONJE, U.J.)
1981. Van Schaik se Groot Woordeboek, twaalfde
uitgawe, Afrikaans-Engels. Pretoria: Van Schaik.

KRUGER, H. B. 1991. Skoolvoorligting. Potchefstroom:
Sentrale Publikasies PU vir CHO (Diktaat 59/91.)

KRUGER, H.B. 1991. Beroepsleiding as opvoeding tot
beroepsvolwassenheid. Potchefstroom: Sentrale
Publikasies PU vir CHO (Diktaat 60/91.)

LANDMAN, B. A. 1980. Inleiding tot die opvoedkundige
navorsingspraktyk. Pretoria: Butterworth.

LANGEVELD, M.J. 1951. Ouer het Wegen der Paedagogische
Psychologie in de verhouding der Psychologie tot
die Paedagogiek. Groningen: J.B. Walters.

LEHMAN, I.J. & MEHRENS, W.A. 1979. Educational
research - readings in focus. New York: Holt,
Reinhart & Winston.

LOOTS, Z. B. 1983. Dagsê Kultuurleiding. (In Verankerde
Voortgang: 'n Bundel opstelle uit die Fakulteit
Opvoedkunde van die PU vir CHO. Potchefstroom: PU
vir CHO. p209-224)

- LOVELL, K. & LAWSON, K.S. 1970. Understanding research in education. London: University of London Press.
- MARAIS, J.L. 1994. Lewensopvoeding vir onderwysstudente. Potchefstroom: Sentrale Publikasies PU vir CHO (Diktaat 21/94).
- MARAIS, J.L. 1982. Voorligting in die primêre skool. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. (Proefskrif - D.Ed.)
- MASLOW, A.H. 1987. Motivation and Personality. New York: Harper & Row.
- MOLLOFF, P. 1984. How to teach the art of living. Thrust for educational leadership. Vol 13, No 6, April 1984.
- MOULY, J.J. 1978. Educational Research. Toronto: Allyn & Bacon.
- MUKWENA, D. 1993. Zimbabwe - A Case Study on Consumer Education. (Paper presented on 23 August 1993 at the Africa Regional Consumer Education Workshop at Port Louis, Mauritius) Zimbabwe. 12p (Unpublished)
- NYAMBUYA, M. 1993. Consumer Action 10:12-13, May/June.
- OHLSON, M. M. 1974. Guidance services in the modern school. 2nd ed. New York: Harcourt Brace, Jovanovich.
- OPPENHEIM, A.N. 1966. Questionnaire design and attitude measurement. London: Heinemann.
- OWEN, K. & TALJAARD, J.J. red. 1988. Handleiding vir die gebruik van sielkundige en skolastiese toetse vir IPEN en die NIPN. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

PICKWORTH, G.E. 1990. Career decision: A South African perspective. 18 p. (Paper delivered on 12 March 1990 as part of the Career Counselling and Research in South African Conferences, University of Port Elizabeth.) (Unpublished).

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS. 1991. Praktiese Statistiek vir die Geesteswetenskappe. Potchefstroom: Statistiese Konsultasiediens.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981. Voorligting. Verslag van die Werkkomitee 7. Voorligting. Onderzoek na die Onderwys. Pretoria. 206 p. (Voorsitter: J.P. de Lange.)

RGN

Kyk RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING.

ROUSSEAU, D. 1991. Identifying criteria of consumer awareness: A Pilot Study. Journal of Industrial Psychology. 17(3).

SAKV

Kyk SUID-AFRIKAANSE KOÖRDINERENDE VERBRUIKERSRAAD.

SAX, G. 1968. Empirical Foundations of Educational Research. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.

SCHIFFMAN, L.G. & KANUK, L.L. 1978. Consumer Behaviour. London: Prentice-Hall International.

SCHMIDT, J.R., BROWN, P.T. & WAYCOTT, A.M. 1988. Developing the individual: Life skills and family therapy. British Journal of Guidance and Counselling, Vol 16, No 2, May 1988.

SCHUBERT, W.H. 1983. Life skills: Whose decision should they be? The educational digest, Vol XLVIII, No 6, February 1983.

SHERTZER, B. & STONE, S.C. 1976. Fundamentals of Guidance. Boston: Houghton Mifflin.

- SIM, F. G. 1991. IOCU on Record. A documentary History of the International Organisation of Consumers Unions (1960-1990) New York: Consumer Unions of United States.
- STEYN, H.J. 1985. Kultuurdifferensiasie in die onderwys in die Verenigde State van Amerika. S.A. Tydskrif Opvoedkunde. 6(1): 30-37
- SUID-AFRIKAANSE KOÖRDINERENDE VERBRUIKERSRAAD. Beleidstuk 1989. Pretoria.
- SUID-AFRIKAANSE KOÖRDINERENDE VERBRUIKERSRAAD. 1991/92 - 1993/94 Jaarverslae. Pretoria.
- SUID-AFRIKA volksraad. 1970. Debatte. Pretoria: Staatsdrukker.
- THE OECD COMMITTEE ON CONSUMER POLICY. 1987. Consumer Policy in OECD Countries (1985-1986). Paris.
- THORELLI, B. & THORELLI, S.V. 1974. Consumer Information Handbook: Europe and North America. New York: Praeger Publishers.
- TURNER, B. & ROBB, G. 1971. Research methods in education. London: Croom Helm.
- UNITED NATIONS. 1986. Guidelines for Consumer Protection. New York: Litho.
- VAN DER STOEP, F. & LOUW, W.J. 1982. Inleiding tot die didaktiese pedagogiek. Pretoria: Academica.
- VAN DER WALT, J. S. 1979. Skoolvoorligting-beginsels tegnieke en toepassing. Johannesburg: McGraw-Hill.
- VAN HOOFT, G. E. 1974. Consumer Education Materials for an Elective Course. New York: The State Education Department.
- VAN OMMEREN, T. 1993. Africa Circular Letter 1(1):1-18, June.

- VAN OMMEREN, T. 1993. Africa Circular Letter 1(2):1-10, Nov.
- VAN RENSBURG, C.J.J., KILLIAN, C.J.G. EN LANDMAN, W.A. 1979. Fundamenteel - pedagogiese begripsverklaring - 'n inleidende oriëntering. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel, Transvaal.
- VAN ZYL, A.P.; GROENEWALD, M.E.; DE BRUIN, F.M. 1986. Huishoudkunde in Aksie, St 8. Pretoria: Kagiso
- VAN ZYL, P. 1975. Opvoedkunde Deel I, II, III 'n handleiding vir beginnerstudente. Braamfontein: De Jongh Edms.
- YOUNGMAN, M.B. 1978. Designing and analysing questionnaires. Rediguides 12. Nottingham: University School of Education.